# HOOFSTUK 5

# SPORTAFRIGTING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## 5.1 INLEIDING

Indien ons sportafrigting in die RSA in omvang en standaard volledig wil vergelyk met sport in die buiteland, is dit noodsaaklik om die stand daarvan in die Republiek van Suid-Afrika volledig en in fyn besonderhede te bestudeer. In dié verband is die relatiewe inligting in 'n ruim mate uit die RGN-sportverslag (1982) verkry, aangevul deur 'n literatuur= studie van ander beskikbare stof en onderhoude wat gevoer is.

## 5.2 SPORTWETENSKAP IN DIE RSA

### 5.2.1 Inleiding

Navorsing in sport, liggaamlike opvoedkunde en rekreasiekunde het sedert 1940 in drie kenmerkende fases ontwikkel, naamlik

- instrumentele navorsing waar dit merendeels nie oor die navorsing as sodanig gegaan het nie, maar oor dit wat met die navorsing bereik kon word, soos byvoorbeeld 'n hoër status en bevorderingsmoontlikhede;
- 'n tweede fase kan omskryf word as agentskapnavorsing, waar bepaalde navorsingsopdragte deur navorsers uitgevoer is en
- derdens die fase wat ook bekend staan as kontraknavorsing

waar navorsers finansieel vergoed is vir hulle arbeid wat op besondere navorsingsopdragte betrekking gehad het (RGN, 1982, 12:217).

Sportnavorsing het dus in hierdie ontwikkelingsgang van 'n vry= willige, willekeurige onbetaalde aktiwiteit ontwikkel en dit word toenemend gesien as 'n beroep met eie loopbaanmoontlik= hede. Hierdie ontwikkeling hou besondere voordele in. "Pro= fessionele navorsing hou die voordeel in dat dit groter be= stendigheid in navorsing bring, groter dieptegang, beter en meer relevante voorsiening en groter kundigheid in die bemarking van navorsingsresultate"(RGN, 1982, 12:218).

Beide agentskap- en kontraknavorsing word tans onderneem. Die grootste hoeveelheid navorsing in sportkunde, liggaamlike opvoedkunde en rekreasiekunde wat tot dusver in Suid-Afrika onderneem is, is agentskapnavorsing, terwyl die RGN-sportonder= soek (1982) as 'n voorbeeld van kontraknavorsing gesien kan word (Scholtz, 1983(c)).

### 5.2.2 Persone en instansies by sportnavorsing betrokke

Sportnavorsing word deur 'n verskeidenheid individue en instan= sies onderneem. Die meeste sportnavorsers is verbonde aan universiteite, terwyl navorsing ook by kolleges onderneem word. Sekere navorsingsinstellings onderneem sportnavor= sing, naamlik die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Mediese Navorsingsraad, die Kamer van Mynwese, (afdeling bedryfshigiëne), die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekun= de (SAVSLOR), sportinstitute aan universiteite en individue

uit die private sektor (RGN, 1982, 12:219).

'n Verskeidenheid dissiplines het reeds tot die veld van sport=navorsing toegetree. Volgens SAVSLOR (Jaarverslag NAV 1/1, 1982) kan dit daartoe lei dat die struktuur van sport- en rekreasienavorsing in Suid-Afrika op 'n multi-dissiplinêre basis geplaas sal word.

Gedurende 1974 het die Direktoraat Sportbevordering, Departe=ment Nasionale Opvoeding, met 'n navorsingskema begin (SAVSLOR, 1983:1). Dit het daartoe gelei dat sportnavorsingsagentskappe sedert 1974 aan die departemente van Liggaamlike Opvoedkunde van sekere universiteite gevestig is, om sodoende sport op 'n wetenskaplike grondslag te plaas* (RGN, 1982, 12:182). Die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand het ook gedurende 1981 agentskappe gevorm wat vir die Departement Nasionale Opvoeding navorsing doen (SAVSLOR, NAV 1/1 1981).

Tydens die onderhawige studie is vasgestel dat vyf universitei=te en een technikon tans oor institute of eenhede vir sportna=vorsing beskik** (PSA/2, 1983).

5.2.3 Temas vir sportnavorsing

Die temas wat vir sportnavorsing gekies word, word in groot mate deur die navorsers se belangstelling en voorkeure bepaal. Wanneer die navorsingsprojekte wat deur die Departement van Sport en Ontspanning (Tak Sportbevordering) en die wat deur

* Universiteite van Port Elizabeth, Oranje Vrystaat, Pretoria, Rhodes, Stellenbosch en die Potchefstroomse Universiteit vir CHO (SAVSLOR NAV 1/1, 1981)

** Die universiteite van Kaapstad, Potchefstroom, Pretoria, Rho=des en Stellenbosch en die Port Elizabethse Technikon.

die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vanaf 1973 tot 1980 gefinansier is, asook die wat op laasgenoemde Raad se register verskyn, in ag geneem word, kan die volgende waar=nemings gemaak word:

- Verskeie navorsingstemas kan onderskei word, byvoorbeeld die wat gerig is op
  - i) rekreasiekunde;
  - ii) biologiese, fisiologiese en geneeskundige aspekte (sportfisiologie, oefenfisiologie, anatomie, biomega=nika, groei en ontwikkeling, gesondheid, rehabilitasie en fiksheid);
  - iii) geesteswetenskaplike aspekte (opvoedkunde, sosiologie, volkekunde, staatkunde, geskiedenis/dokumentasie, filo=sofie en juridiese aspekte
  - iv) bestuur;
  - v) fasiliteite;
  - vi) opleiding;
  - vii) finansies;
  - viii) afrigting.
- Die navorsing weerspieël 'n beeld van eensydig gerigte temas. Sowel biologies-fisiologies gerigte temas as gees=teswetenskaplike navorsing is goed voorsien, terwyl kritieke aspekte soos bestuur, fasiliteite, opleiding, finansies en afrigting byna glad nie ondersoek is nie.
- Hierdie eensydige navorsing is tot nadeel van sport in die algemeen en die toedrag van sake word toegeskryf aan die tekort aan geskikte navorsers en aan die feit dat geprofes=sionaliseerde navorsing nog nie ten volle verwesenlik is nie (RGN. 1982, 12:228).

Sedert 1981 is die navorsingsveld verbreed, en benewens na=vorsing met betrekking tot sportfisiologie, is temas rakende die sportsosiologie, sportpsigologie, persepsueel-motoriese leer, biomeganika en antropometrie ook nagevors (SAVSLOR, NAV 1/1, 1981).

5.2.4 Die koördinering van sportnavorsing

Die probleem met betrekking tot sportnavorsing in die RSA is raak geïnterpreteer op die Internasionale Simposium oor Navorsing in Sport en Liggaamlike Opvoedkunde wat gedurende September 1981 deur SAVSLOR aangebied is. Hierdie liggaam het besef dat doelmatige beplanning nodig is en daar is besluit dat 'n Suid-Afrikaanse navorsingsplan opgestel moet word sodat aan die eise van die jaar 2000 voldoen kan word.

So 'n beplanning sal beheer en koördinering van navorsing in die hand werk - faktore wat tot dusver nog grootliks ont=breek het op die terrein van sportgerigte navorsing.

Daar sal gepoog moet word om die voorkeure van die navorsers te laat inpas by die bestaande behoeftes. Die navorsers sal dus in 'n meerdere mate as in die verlede by die navorsing moet aanpas, eerder as andersom en dit impliseer noodwendig die noodsaaklikheid vir 'n geprofessionaliseerde navorsings=opset.

Hier kan gemeld word dat die promosie van sportnavorsing (asook sportopleiding) as 'n funksie van die Suid-Afrikaanse Sportfederasie aangegee word (RGN, 1982, 7:125).
Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike

Opvoedkunde en Rekreasiekunde (SAVSLOR) het ook 'n funksieter= rein met betrekking tot die bevordering en koördinering van sportnavorsing naamlik

- die finansiering van agentskap- en kontraknavorsing
- koördinering
- die identifisering van behoefteterreine
- die organisering en inisiëring van navorsingsprojekte en
- die opbou van 'n databank en die verkryging van navorsings= inligting (RGN, 1982, 7:164).

Verder is daar ook skakeling en koördinering met betrekking tot sportopleiding en -navorsing tussen SAVSLOR en verskeie sportinstellings, owerheidsliggame, die private sektor en enige ander navorsingsinstelling.

Volgens aantekeninge wat handel oor die 1981 jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, tak Sportbevorde= ring, is die administrasie van die navorsingskema van die departement op 1 April 1981 vanaf die Suid-Afrikaanse Sportfede= rasie na SAVSLOR oorgeplaas (SAVSLOR, NAV 1/1, 1981). Die navorsingskema is nie slegs direk betrokke by projekte wat finansieel gesteun word nie, maar by alle navorsingsprojekte met betrekking tot sport, liggaamlike opvoedkunde en rekreasie in Suid-Afrika (SAVSLOR, NAV 1/1, 1981).

Die Suid-Afrikaanse Sportgeneeskundige Vereniging is gedurende 1983 gestig en is by die Mediese Vereniging van Suid-Afrika geaffilieer (Sirkin, 1983). Die doelstelling van hierdie vereniging is onder andere om sportgeneeskundige navorsing te bevorder en om insigte in al die fasette van sportbeserings

te verbreed (SASGV, 1983(a):1).
Hierdie vereniging het tot dusver slegs enkele projekte aangepak en het tans nie kontak met enige van die erkende sportnavorsingsinstellings nie. Sportgeneeskunde, as 'n aparte dissipline, word tans nie by die opleiding van medici in Suid-Afrika ingesluit nie (Sirkin, 1983). Dit word ook bevestig deur die RGN-Sportondersoek (1982). Sportgeneeskundige* navorsing word egter by sommige mediese skole onderneem, soos by Kaapstad waar veral twee aspekte ondersoek word, naamlik sportpsigologie en sportfisiologie (Noakes, 1983) en by die Universiteit van die Witwatersrand waar 'n navorsingsentrum tans ingerig word en waar veral ingegaan sal word op kardiovaskulêre-, respiratoriese- en metaboliese aanpassings van die liggaam tydens oefening (SASGV, 1983(b):20).

5.2.4 Die finansiering van sportnavorsing

Die departement van Sport en Ontspanning (Tak Sportbevordering) het vanaf 1973 tot 1982 'n bedrag van R1 956 750 aan sportnavorsing bestee (RGN, 1982, 12:221). Oor dieselfde tydperk het die RGN 'n bedrag van R51 000 vir navorsing in sport, liggaamlike opvoedkunde en rekreasiekunde toegeken. Tans is die Departement van Nasionale Opvoeding (Direktoraat sportbevordering)(die eertydse Departement van Sport en Ontspanning) 'n belangrike finansier vir sportnavorsing. Hierdie fondse word deur SAVSLOR toegeken.

---

* Die term "sportgeneeskunde" skep verwarring omdat die betekenis daarvan nie duidelike in literatuur omlyn word nie en dit dikwels "sportfisiologie" beteken.

## 5.3 DIE BEHEER EN KOöRDINERING VAN AFRIGTING

In Suid-Afrika bestaan daar nie 'n oorkoepelende sportbeheerlig= gaam wat sportafrigting op nasionale vlak beheer of koördineer nie.

Die stigting van 'n nasionale afrigtersvereniging is gedurende 1979 deur die Suid-Afrikaanse Sportfederasie oorweeg. Tydens 'n nasionale simposium oor sportafrigting wat gedurende April 1980 te Pretoria gehou is, is 'n loodsingskomitee aangewys om die stigting van so 'n nasionale vereniging so gou moontlik te verwesenlik. 'n Konsepgrondwet is saamgestel. As gevolg van die feit dat min van die nasionale sportbeheerliggame op daardie stadium oor afrigtersverenigings beskik het en nie één van die bestaande oorkoepelende sportliggame (die Suid-Afrikaanse Sportfederasie en die Suid-Afrikaanse Olimpie= se en Nasionale Spelevereniging) so 'n liggaam effektief sou kan akkomodeer nie, is die saak na die RGN-sportondersoek (1982) vir ondersoek en aanbevelings verwys. Die inskakeling van so 'n nasionale afrigtersvereniging by die Departement vir Nasionale Opvoeding (soos deur die Hoekverslag aanbeveel) was nie aanvaarbaar nie, omdat dit staatsbetrokkenheid by sportaangeleenthede sou verhoog (RGN, 1982, 8:255).

Volgens Botha (RGN, 1982, 12:185) is daar nie binne die voorge= stelde sportopleidingsinfrastruktuur funksionele regverdiging vir 'n nasionale afrigtersvereniging nie. Hy beweer dat as "Suid-Afrikaanse sportleiers dit erns het met wetenskaplike opleiding, sal kragte saamgesnoer word en minder gediversifiseer moet word (RGN, 1982, 12:185).

"Sportbestuur op eerste vlak berus op 'n substruktuur van nasionale sportbeheerliggame, provinsiale sportliggame, sport= federasies, klubs en 'n versameling van instellings soos skole, kolleges, universiteite, plaaslike owerhede, die Magte, privaat instellings en ander instansies, wat elk op hulle eie manier aspekte van sportvoorsiening hanteer" (RGN, 1982, 7:155). Die verskillende sportliggame en instellings oefen tans in meerdere of mindere mate beheer en koördinering oor afrigting uit.

### 5.3.1 Nasionale sportbeheerliggame

Nasionale sportbeheerliggame is outonome instellings wat oor hulle eie sake besluit. Hierdie nasionale beheerliggame is die hoogste gesagsliggame vir die verskillende sportsoorte in die Republiek van Suid-Afrika. In die RSA-struktuur van die nasionale sportliggame kom verder provinsiale liggame, sportklubs (waarvan daar ongeveer 25 000 in die RSA is), deelnemers en sportleiers soos administrateurs, afrigters, beoordelaars en skeidsregters voor. Die oorkoepelende sport= liggame soos die Suid-Afrikaanse Sportfederasie, die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging of die "South African Council of Sport" kan nie voorskriftelik teenoor die nasionale liggame optree nie (RGN, 1982, 8:227).

Hierdie beginsel van outonomie in eie reg impliseer dat die nasionale sportbeheerliggame ook die outonomie van die geaf= filieerde lede met betrekking tot eie sake moet erken. As gevolg van sekere aspekte soos geografiese ligging, finansies en spesifieke voorkeure kan die geaffilieerde lede binne die jurisdiksie van die nasionale liggaam eie sake hanteer.

Die Direktoraat Sportbevordering van die Departement Nasionale Opvoeding werk nou saam met die erkende nasionale sportbeheer=liggame ten opsigte van finansiële hulp, tegniese hulpdienste, skakeling en die organisering van spesiale projekte. Ook op streekvlak word hulp met betrekking tot sport aan provinsia=le liggame en instellings gelewer.

Die meerderheid van die nasionale sportliggame is by die Suid-Afrikaanse Sportfederasie geaffilieer, terwyl die Olim=piese sportsoorte by die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging geaffilieer is.

Tydens die onderhawige ondersoek is vasgestel dat agt van die nasionale sportbeheerliggame wat ondersoek is, oor 'n afrigtersvereniging én -komitee beskik, terwyl 63,3% van almal oor 'n afrigterskomitee, en 40,9% oor 'n afrigtersvereniging beskik. In 64 persent van die gevalle tree hierdie vereniging of komitee onder die jurisdiksie van die nasionale liggaam op. Vier-en-sestig persent van die nasionale liggame beskik oor provinsiale afrigtersliggame. In die meerderheid van die gevalle wat ondersoek is, het die afrigtersliggaam verteen=woordiging op die verskillende struktuureenhede van die nasio=nale liggaam (PSA/1, 1983):

- 64% het verteenwoordiging op die uitvoerende komitee
- 55% het verteenwoordiging op die raadsvergadering en
- 55% het verteenwoordiging op die algemene jaarvergadering.

Slegs drie van die 22 afrigtersliggame in hierdie ondersoek (PSA/1,1983) betaal enige gelde aan die nasionale liggaam.

Die afrigters in die verskillende sportsoorte ressorteer hoofsaaklik onder die beheer van die nasionale beheerliggaam of sy geaffilieerde lede.

In 'n enkele geval is die afrigtersliggaam heeltemal selfstandig ten opsigte van afrigting en gradering, terwyl die afrigters van een sportsoort onder geen spesifieke beheer staan nie. In 55% van die gevalle vind kontrole oor afrigters plaas, terwyl in slegs 45% van die gevalle die afrigting gekontroleer word. Nege-en-vyftig persent van die nasionale sportbeheerliggame het laat blyk dat hulle wetgewing met betrekking tot die beheer van afrigting sal steun (PSA/1, 1983).

Met betrekking tot die wenslikheid van 'n Suid-Afrikaanse Afrigtersvereniging het elf sportsoorte die stigting van so 'n vereniging aanbeveel, terwyl drie dit afgekeur het, vyf nie daarop geantwoord het nie en twee dit as nie van toepassing nie, aangedui het (PSA/1, 1983).

Hierdie gegewens dui daarop dat die behoefte aan 'n nasionale liggaam om afrigtingsaangeleenthede te koördineer, bestaan.

### 5.3.2 Onderwysinstellings

#### 5.3.2.1 Primêre en sekondêre onderwysinstellings

Met betrekking tot die organisasie van skoolsport kan genoem word dat die volgende drie oorkoepelende liggame tans bestaan:

- Die Suid-Afrikaanse Skoolsportfederasie (SASSF) wat gerig is om skoolsport te bevorder en die stigting van skoolsport=verenigings aan te moedig. Verdere doelstellings van hierdie federasie is om die publiek bewus te maak van die waarde van "goed georganiseerde skoolsport vir die bevordering van nasionale fiksheid en om met internasionale skoolsportorganisasies saam te werk" (RGN, 1982, 8:75). Dié federasie beoog ook dat alle diskriminasie op grond van byvoorbeeld ras, geloof en politiek uit skoolsport geweer sal word.

- Twee skoolsportverenigings wat tans by die "South African Council of Sport" geaffilieer is. Dit is die "South African Primary Schools' Sport Association" en die "South African Senior Schools' Sport Association". Hierdie twee liggame word deur Indiër- en Kleurlingskole ondersteun (RGN, 1982, 8:76).

- 'n Vierde liggaam (geïnisieer deur die Departement Onderwys en Opleiding), naamlik 'n nasionale sportliggaam wat vir Swart skoliere gestig is. Dit is geaffilieer by die SASSF en die bestuur en organisasie is in beheer van onderwysers.

Die belangrikheid van sportbeoefening in die opvoeding van die kind kan nouliks oorbeklemtoon word en dit blyk asof die rol wat sport in die verband kan speel in die Suid-Afrikaanse skool-opset besef word (RGN, 1982, 8:77). Die beoefening van skoolsport word primêr beskou as 'n opvoedingsaangeleentheid (Nieuwoudt, 1983). Dit bring mee dat alle organisasies, beheer en koördinering van skoolsport op die gesagsterrein van die skool val. Sport maak in mindere of meerdere mate in die oorgrote meerderheid van alle skole 'n integrerende deel van die opvoedings- en

onderrigprogram uit. Die Transvaalse Onderwysdepartement maak 'n duidelike onderskeid tussen skoolsport wat deur die skool met sy personeel bedryf word, en juniorsport wat deur die verskillende sportliggame bedryf word en waaraan skoolkin=ders buite skoolverband kan deelneem (Nieuwoudt, 1983).

Aangesien die kind se eerste kennismaking met aktiewe sport=deelname op skool plaasvind en aangesien sport beskou word as 'n opvoedingsaangeleentheid, is dit 'n logiese gevolgtrekking as aanvaar word dat slegs die beste opgeleide persone by die afrigting van skoolsport betrek moet word.

Wanneer die dienslewering aan sport van die onderskeie onder=wysdepartemente in ag geneem word, blyk dit dat onder andere twee belangrike sake, naamlik afrigting en die opleiding van sportlui, grootliks oor die hoof gesien word. Verder bestaan daar ook glad nie persone op die skole aan wie die voltydse verantwoordelikheid vir sport opgedra is nie. Dit kom wel voor dat liggaamlike opvoedkundiges in hulle normale werksopdrag ook betrokke is by sport (RGN, 1982, 8:88).

Skoolhoofde het aangedui dat alhoewel sportbeoefening 'n groot bydrae tot die opvoedingsituasie kan lewer, dit as gevolg van gebrekkige fasiliteite en geriewe asook die tekort aan doeltreffend opgeleide afrigterspersoneel, nie altyd gebeur nie (RGN, 1982, 8:83). In die gevalle waar te min sportsoorte by skole aangebied word, is die toestand in die geval van blanke skole hoofsaaklik toe te skryf aan die gebrek aan opge=leide afrigters, terwyl by die skole wat nie onder die beheer van 'n blanke onderwysdepartement val nie, dit toegeskryf word aan ontoereikende geriewe, finansies en opgeleide af=rigters (RGN, 1982, 8:85).

Die verantwoordelikheid vir sportafrigting van skoliere is volgens 80% van die skoolhoofde wat ondervra is, dié van die skool (RGN, 1982, 8:85). Aangesien dit egter belangrik is dat die kind beide in die klaskamer en op die sportveld die beste onderrig moontlik moet ontvang, is dit onwaarskynlik dat die onderwyser dieselfde dienste in sport, waarvoor hy weinig of geen opleiding ontvang het, sal kan lewer as in die klaskamer, waarvoor hy professioneel opgelei is. Wat die situasie met betrekking tot sportafrigting op skoolvlak verder benadeel, is die feit dat 68,8% van skoolhoofde wat ondervra is, geen vereiste stel en/of slegs belangstelling vra van diegene wat moet afrig. Slegs 31,2% van die hoofde vereis 'n kwalifikasie van een of ander aard. Onder hierdie groep tel meer hoofde van Asiër- en swart skole as van die ander volksgroepe. Slegs een uit elke sewe onderwysers wat by sportafrigting betrokke is, beskik oor 'n enkele sport=kwalifikasie. Die algemene afleiding kan gemaak word dat skoolhoofde redelik onverskillig staan teenoor die opleidings=kwalifikasies van sportafrigters aan hulle skole (RGN, 1982, 12:152).

As oplossing vir die probleem met betrekking tot sportopgeleide afrigtingspersoneel by skole, is daar twee moontlikhede. Eerstens kan voltydse sportafrigters by skole aangestel word. Slegs 15% van die skoolhoofde wat genader is, het gerapporteer dat hulle nie behoefte aan voltydse afrigters het nie. Met behulp van verteenwoordigende steekproewe is die mening van die algemene publiek met betrekking tot voltydse afrigters by skole vasgestel. Ongeveer 84% van die ondersoekgroepe het die aanstelling van sportafrigters by skole gesteun, terwyl 15,2% daarteen gekant was (RGN, 1982,5:84). Onder die huidige Suid-Afrikaanse opset is dit egter nie moontlik

nie, aangesien mannekrag en finansies beperk is (RGN, 1982, 8:104).

Tweedens kan opgeleide sportafrigters van buite die skool by die afrigting betrek word. Dit is 'n praktyk wat reeds in 53% van die skole wat genader is, in werking is. Vier-en-twintig persent van die skole het dit sterk aangemoedig, terwyl 26,1% aangedui het dat die praktyk nie bestaan nie.

Alhoewel van afrigting van buite die skool gebruik gemaak word, is die hoofde huiwerig om dit aan te moedig (RGN, 1982, 8:107). Dit blyk asof hulle eerder gebruik wil maak van hulle eie personeel met slegs 'n geringe bydrae van persone van buite. Aangesien die personeel soos reeds aangetoon, moeilik in alle gevalle oor die nodige kundigheid sal kan beskik, sal tog van buite persone gebruik gemaak moet word.

Blanke onderwysers is van mening dat sportafrigting hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die skool en personeel is, terwyl ouers, vrywilligers en sportklubs ook verantwoordelik is. Indiër- en kleurlingonderwysers dink dat alle partye medeverantwoordelik is, terwyl swart onderwysers dink dat afrigting slegs die taak van die skool is (RGN, 1982, 8:160).

Op watter wyse die afrigtingspraktyk ook al op skool deurgevoer word, is dit noodsaaklik dat diegene wat daarvoor verantwoordelik is, opvoedkundig aanvaarbaar moet wees (RGN, 1982, 8:107).

5.3.2.2 Tersiêre onderwysinstellings

In Suid-Afrika ressorteer tersiêre onderwysinstellings onder die gesag van verskillende owerhede.

Blanke universiteite en technikons ressorteer onder die gesag van die Departement van Nasionale Opvoeding. Swart universi= teite, onderwyskolleges en opleidingskole ressorteer onder die gesag van die Departement van Onderwys en Opleiding, terwyl universiteite en onderwyskolleges vir Asiërs en Kleur= linge onder die Departement vir Binnelandse Aangeleenthede ressorteer. Blanke onderwyskolleges ressorteer onder die gesag van die onderskeie provinsiale owerhede, naamlik van Transvaal, Kaapland, Natal en Vrystaat (RGN, 1982, 8:169).

a) Universiteite

Die aktiwitweite van blanke universiteite word gekoördineer deur die Komitee vir Universiteitshoofde (KUH), terwyl die van die ander universiteite op die grondslag van vrye assosia= sie deur die Komitee van Universiteitsrektore (KUR) gekoördi= neer word.

Die SAU Sportraad is gestig om die sportbeheer van die KUH-universiteite te behartig, terwyl 'n studenteorganisasie, die "South African Black Intervarsity Council (SABIC)," die sportbelange van die KUR-universiteite behartig. Tot dusver was daar nog geen samewerking tussen die twee liggame nie. SABIC stel blykbaar nie werklik in inter-universitêre sport= verhoudinge belang nie (RGN, 1982, 7:171). Daarom vind tans by twee van die staatsuniversiteite as gevolg van politieke redes geen sportaktiwiteite plaas nie (PSA/2, 1983).

Sport sal baie daarby baat indien die belange van die KUH en KUR kan verenig, sodat alle studentesport deur 'n enkele SAU-sportraad hanteer kan word. Volgens die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (RSA, 1983:11) word vir die rektore van die universiteite van die Indiërs en Kleurlinge sittingsreg op die KUH gegee, sodra die betrokke universiteite outonoom is. Verder ondersoek die Regering ook die wyses waarvolgens die rektore van die onderskeie swart universiteite by die Komitee vir Universiteitshoofde ingeskakel kan word.

Die doelstellings van die SAU-sportraad sentreer tans om aspekte wat betrekking het op inter-universitêre kompetisies, en die voorsiening van sportafrigting kom nêrens ter sprake nie. Blanke universiteite is outonome instellings en besluit self oor huishoudelike sake. Hierdie universiteite is eerstens ingestel op die sportbehoeftes van die studente, daarna op die van die personeel en daarna word dienste na die gemeenskap uitgebrei. Universitêre sport word georganiseer en gereël deur sportkantore, sportburo's of sportunies.

Op die funksieterreine van die universiteite word knelpunte ervaar met die voorsiening van spesialiteitsdienste deur eie studentegemeenskapsdienste aan die eie studentegemeenskap, waaronder kursusse vir afrigters, die opleiding van sportadministrateurs en navorsing. Ook met betrekking tot sportbestuur word knelpunte ervaar en ook hier kom afrigting ter sprake, asook finansies en sportgeriewe (RGN, 1982, 8:185).

'n Universiteit word deur die sport- en studentegemeenskap beskou as 'n instansie wat sekere spesialiteitsdienste moet

lewer. Nasionale sportbeheerliggame, provinsiale sportliggame, plaaslike owerhede en klubs benodig dikwels spesiali= teitsdienste soos onder andere wetenskaplike oefenprogramme, gespesialiseerde afrigting, gespesialiseerde voorligting aan afrigters, skeidsregters en administrateurs, gespesiali= seerde mediese- en sielkundige begeleiding (RGN, 1982, 8:185). Min van die universiteite in Suid-Afrika is egter in staat om doeltreffende dienste te lewer (RGN, 1982, 12:170). Die toevoeging van doelmatige sportinstitute by universiteite behoort die universiteite in staat te stel om spesialiteits= dienste na behore te kan lewer (RGN, 1982, 8:185). Universitei= te is geneë om die nodige dienste te lewer, maar doeltreffende dienslewering word verhinder deur 'n tekort aan finansies, geriewe en mannekrag.

Tydens die onderhawige ondersoek is vasgestel dat vier van die vyftien universiteite wat die vraelys beantwoord het (PSA/2, 1983) oor 'n afrigterskomitee aan hulle inrigting beskik. Nege van die universiteite oefen kontrole oor die sportafrigters uit en sewe universiteite kontroleer die afrig= ting (PSA/2, 1983). Afrigtingsaangeleenthede ressorteer in die meeste gevalle onder die sportburo's of sportkantore en die sportbeamptes wat vir die verskillende sportsoorte verantwoordelik is, alhoewel dit ook in sommige gevalle onder beheer van sportklubs ressorteer (PSA/2, 1983). Kontrole oor die afrigters en afrigting word ook meestal deur bogenoem= des behartig.

b) Onderwyskolleges en technikons

Ten einde mee te help tot doeltreffende sportbestuur aan onderwyskolleges is aanbeveel dat sportkantore of -departemente,

soos die aan universiteite, ingestel moet word. Die hooffunk=sie van hierdie sportkantoor of -departement is gerig op diens aan die studente. Sportvoorsiening by die technikons is ook gerig op eie studente.

Soos by universiteite sentreer probleme met betrekking tot sportbestuur ook om finansies, geriewe, afrigters en admini=strateurs.

Spesialiteitsdienste wat na binne en buite deur onderwyskolle=ges en technikons gelewer word, is nie bevredigend nie. Dikwels ontbreek die nodige fasiliteite om doeltreffend diens te kan lewer. Terreine van dienslewering moet volgens moontlik=hede by die inrigtings, geselekteer word. Onderwyskolleges het 'n belangrike funksie met onder andere die beskikbaarstel=ling van afrigting, opleiding en publikasies (RGN, 1982, 8:195).

Vier uit agt onderwysersopleidingskolleges wat op die vraelys reageer het, beskik oor 'n afrigterskomitee, terwyl een uit ses technikons oor so 'n komitee beskik. Ses-en-twintig van die 31 inrigtings (84%) het laat blyk dat hulle 'n afrigtings=komitee vir die afrigters van tersiêre onderwysinrigtings sal verwelkom (PSA/2, 1983). Vier van die agt onderwysersop=leidingskolleges kontroleer die afrigters en ses die afrigting. By die technikons word in vier van die ses gevalle die afrig=ters gekontroleer en in drie gevalle die afrigting.

Hierdie gegewens dui daarop dat die afrigters in groot mate ongekontroleerd afrig, terwyl die afrigting self ook nie voldoende gekontroleer word nie.

By onderwysersopleidingskolleges wat oor sportburo's beskik, ressorteer die afrigting en afrigters onder die buro, of 'n buro vir studenteaangeleenthede. In 'n bepaalde geval het die rektor of ook 'n vise-rektor direkte inspraak oor afrigtings=aangeleenthede, terwyl die Departement van Liggaamlike Opvoed=kunde verantwoordelikheid vir die afrigting aanvaar, indien die inrigting nie oor 'n sportburo of 'n -kantoor beskik nie. Kontrole oor die afrigters en afrigting word in die gevalle waar dit wel gedoen word, ook deur bogenoemdes uitgeoefen.

5.3.3 Die Suid-Afrikaanse Magte

Sportaktiwiteite beklee 'n belangrike plek in die SA Magte (RGN, 1982, 8:197).

Die Suid-Afrikaanse Weermag het 'n sentrale sportraad met vier onderafdelings, naamlik 'n Leër-, Lugmag-, Vloot en Genees=kundige dienstesportraad. Elk van hierdie liggame hanteer sportaangeleenthede afsonderlik. Onder elk van hierdie rade ressorteer weermagklubs wat aan liga- en intereenheidsport deelneem. Die weermagklubs verdeel weer in die verskillende eenheidsklubs. Die sportklubs van die onderskeie sportsoorte affilieer by die provinsiale sportliggame en word op hierdie wyse by provinsiale kompetisies ingeskakel.

Die Suid-Afrikaanse Polisie beskik ook oor 'n sentrale sportkan=toor. Sport word op 'n geografiese grondslag in sewentien afdelings verdeel. Hierdie afdelings bestaan weer uit 78 distrikte. By die klubs wat in die sewentien afdelings bestaan word voorsiening gemaak vir kompetisiesport, terwyl dié by die distrikte op ontspanning gerig is. Slegs die vyf sport=

soorte wat provinsiale status geniet, naamlik atletiek, stoei, boks, toutrek en skiet word deur die sentrale sportkantoor georganiseer. Die ander 34 sportsoorte wat beoefen word is vir hulle eie sake verantwoordelik. Die onderskeie provinsiale liggame waarby hulle geaffilieer is, verleen hulp rakende afrigters, afrigting en afrigtingskursusse (RGN, 1982, 8:198).

Die afdeling Gevangenisse in die Departement van Justisie beskik ook oor 'n sentrale sportkantoor. Die land word in ses geografiese streke verdeel en departementele kampioenskappe word in die streke gehou. Elke streek beskik oor 'n oorkoe= pelende klub waaronder die klubs van die verskillende sport= soorte ressorteer. Dit word in die vooruitsig gestel dat die sportkantoor in die toekoms in vier afdelings sal verdeel: kampioenskappe, sportafrigting en sportkursusse, sportnavorsing en -programontwikkeling en sportadministrasie. Die sportklubs moet self by die provinsiale sportliggame affilieer en beskik oor 'n groot mate van outonomie.

Ten opsigte van die funksie rakende die afrigting van sportlui blyk dit dat die Magte eerder afrigters op 'n deeltydse basis beskikbaar stel as om persone voltyds daarvoor af te sonder. Tog bestaan daar behoefte aan voltydse afrigters. Voltydse personeel word in geringe mate deeltyds vir sportafrigting beskikbaar gestel. Oor die algemeen beskou die Magte dit nie as hulle verantwoordelikheid om sportlui op te lei nie, alhoewel die Weermag tog geriewe, dienste en deeltydse perso= neel beskikbaar stel.

Twee uit drie afdelings van die Suid-Afrikaanse magte het op die vraelys (PSA/2, 1983) reageer en nie een van die twee

afdelings beskik oor 'n afrigterskomittee nie. Een van die twee instellings kontroleer die afrigters, terwyl die afrigting glad nie gekontroleer word nie. Die verskillende sportklubs beheer self die afrigtingsaangeleenthede.

### 5.3.4 Plaaslike owerhede

Alhoewel sportafrigting 'n primêre funksie van sportliggame self behoort te wees, behoort die plaaslike owerheid ondersteu= nende dienste te lewer. Munisipaliteite staan egter redelik onbetrokke teenoor sportafrigting. Een-en-sewentig persent van die munisipaliteite wat genader is stel nie sportgeriewe en dienste ter beskikking van sportafrigting nie. Nege-en-twintig persent stel hulle geriewe slegs op beperkte skaal beskikbaar, terwyl slegs 15,5% hul geriewe vir afrigting en die beoefening van sport beskikbaar stel (RGN, 1982,8:58).

Met betrekking tot administrasierade en gemeenskapsrade is die situasie bevredigender, aangesien die administrasierade belangrike finansiers en verskaffers van sportgeriewe in swart gebiede is (RGN, 1982, 8:59).

### 5.3.5 Privaatsektore: myne, nywerhede en groot sakeonderne= mings

Daar bestaan nie 'n oorkoepelende liggaam om sportbelange vanuit die private sektore te koördineer of van skakeling te voorsien nie. Sportklubs word as outonome instellings beskou en die algemene beginsel is om klubs te help om hulle= self met betrekking tot hul eie sake te help. Die myne, nywerhede en groot sakeondernemings voorsien egter byvoorbeeld

finansies, geriewe, mannekrag en toerusting sodat die sportlui makliker hul sake kan bestuur. By hierdie instellings word gewoonlik 'n oorkoepelende sportklub of ontspanningsorganisasie wat na die belange van die onderskeie klubs omsien, aangetref. Hierdie liggame stel geriewe en mannekrag tot die beskikking van die sportdeelnemers.

Die sportklubs van die verskillende instellings affilieer gewoonlik by die provinsiale sportliggame en word so ingeskakel by provinsiale kompetisies (RGN, 1982, 8:215).

Met betrekking tot die beskikbaarstelling van afrigting lewer die myne 'n groter bydrae as die nywerhede en ander sektore. Alhoewel groepe uit al drie sektore van mening is dat hulle geen verpligting teenoor afrigting het nie, kom die tendens minder by die myne voor (41%) as by die nywerhede (58%) en ander sektore (64%). Daarteenoor stel die myne in baie groter mate geriewe vir sportafrigting en -beoefening beskikbaar (82% teenoor 23% by die nywerhede en 31% by die ander sektore). Die myne, nywerhede en ander sektore stel ook voltydse perso= neel deeltyds vir sportafrigting beskikbaar (myne 48%, nywer= hede 13%, ander sektore 19%). Verder word eie personeel ook in 'n veel groter mate voltyds deur myne vir sportafrigting beskikbaar gestel (40%) teenoor nywerhede (3%) en ander sektore 3%)(RGN, 1982, 8:220).

### 5.3.6 Die Sportstigting van Suider-Afrika

Met betrekking tot sportafrigting lewer die Sportstigting van Suider-Afrika waardevolle diens in veral tennis, gimnastiek, atletiek, swem, sokker en hokkie (RGN, 1982, 7:167). Sedert

1984 is netbal ook ingeskakel (Putter, 1984). Dit is 'n dienSliggaam wat uit die private sektor (Rembrandtgroep van maatskappye) gefinansier word en dit bied 'n goeie voorbeeld van die wyse waarop geprofessionaliseerde afrigting aan al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika en ook die buurstate beskikbaar gestel kan word. Die Sportstigting gee hoofsaaklik aandag aan die opleiding van afrigters, maar ook aan die afrigting van deelnemers. Die aanbieding van hierdie kursusse geskied gewoonlik in samewerking met die betrokke nasionale en provinsiale sportliggame en owerheidsinstellings. Verslaggewing en beplanning van aktiwiteite word gereeld bygehou*.

## 5.4 DIE OPLEIDING VAN SPORTAFRIGTERS

Vir die doeleindes van die RGN-sportondersoek (1982) is opleiding verdeel in twee kategorieë, naamlik formele- en nie-formele opleiding. Formele opleiding is gewoonlik voltyds en kulmineer in die verwerwing van 'n graad of diploma. Dit word deur 'n akademiese inrigting aangebied. Nie-formele opleiding, ook bekend as indiensopleiding, geskied gewoonlik op 'n deeltydse basis en kulmineer soms in die verwerwing van 'n sertifikaat, alhoewel hierdie opleiding ook aangebied word sonder dat amptelike erkenning noodwendig na afloop daarvan aangebied word. Nasionale- en provinsiale sportliggame, staatsinstansies, die sportburo's en institute van universiteite, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekunde en die Sportstigting van Suider-Afrika is verantwoordelik vir nie-formele opleiding (RGN, 1982, 12:96). Verder onderneem die myne, nywerhede

---

* Vergelyk die maandverslag van die werksaamhede van die Sportstigting van Suider-Afrika, April 1983.

en groot sakeondernemings ook nie-formele opleiding, terwyl plaaslike owerhede ondersteunende dienste lewer.

Die nie-formele opleiding kan afsonderlik en/of aanvullend tot formele opleiding verskaf word (RGN, 1982, 12:97).

5.4.1 Formele opleiding

Formele opleiding is tans hoofsaaklik gerig op onderwysgeo= riënteerde beroepe, maar individue wat in Liggaamlike Opvoed= kunde (LO)* gekwalifiseer is, beklee ook beroepe met betrekking tot sportbestuur en -organisasie.

Sportopleiding vorm deel van die opleiding van LO-studente. Alhoewel die keuse van die sportsoorte waarin opleiding ont= vang kan word verskil, is dit gerig op sportsoorte wat algemeen op skool voorkom. Volgens die departementshoofde van Liggaam= like Opvoedkunde aan universiteite en onderwysersopleidings= kolleges, is die opleiding in verskillende sportsoorte nie heeltemal na wense nie (RGN, 1982, 12:141).

Basiese vakwetenskappe wat die inhoud van die LO-program bepaal, kan ook op sportaktiwiteite van toepassing gemaak word. Verder word sportopleiding ook in die vorm van Sportkunde as 'n selfstandige vak deur een universiteit aangebied**.

---

* Liggaamlike Opvoedkunde (LO) word gebruik om die inhoudelike van die vak aan te dui wat gewoonlik deel van die vereistes is vir die verwerwing van 'n graad of diploma aan 'n universiteit of onderwyskollege onderskeidelik.

** PU vir CHO, Potchefstroom

'n Ander universiteit bied verder 'n geïntegreerde kursus aan waar Sportkunde as een van die afdelings in die eerste twee jaar aangebied word. By drie universiteite word Sportkunde as 'n spesialiseringsrigting in die derde jaar aangebied, terwyl twee universiteite voorsiening maak daarvoor dat dit deur loop na die vierde jaar (RGN, 1982, 12:142)*.

Die mening bestaan dat groter spesialisasie met betrekking tot die opleiding in fisiekgerigte aktiwiteite noodsaaklik is, naamlik opleiding wat gerig is op die onderwys, die sport=praktyk, rekreasie en gesondheidsbevorderende dienste (RGN, 1982, 12:143). Volgens aanbeveling 9.1 van die RGN-sportver=slag (1982, 1:80) moet oorweging geskenk word aan die spesiali=teitsopleiding van liggaamlike opvoedkundiges, sportkundiges, rekreasiekundiges en oefenkundiges. Verder word aanbeveel dat opleiding op 'n koöperatiewe wyse onder leiding van die universiteite deur universiteite, onderwysersopleidingskolleges, technikons en ander geskikte opleidingsinstansies aangebied word.

Met betrekking tot die toekomstige formele sportopleiding het die volgende sake na vore gekom (RGN, 1982, 12:148ev.).

i) Onderwysgerigte sportopleiding

Die onderwyspersoneel (veral die LO-onderwysers) is gewoonlik verantwoordelik vir naskoolse sportafrigting. Die opleiding wat diegene ontvang moet dus so gerig wees dat hulle in die sportsoort waaraan die eie bevolkingsgroep in 'n spesifieke

---

* Hier moet gemeld word dat die term "sportkunde" as sodanig nie op die leerplanne van die universiteite wat oor Departe=mente van Liggaamlike Opvoedkunde beskik, aangedui word nie.

omgewing voorkeur gee, kan leiding neem. Dit is dus noodsaak=lik dat die voorkeurskoolsporte by die verskillende skoolgroepe voortdurend in gedagte gehou moet word by die sportopleiding van voornemende onderwysers.

ii) Sportkundige opleiding

Die teoretiese en praktiese modules in voorkeurvolgorde vir mans en dames vir die verskillende bevolkingsgroepe word in die RGN-sportverslag (1982, 12:338-341) weergegee.

Liggaamlike Opvoedkunde word tans by ses blanke universiteite, een swart-, een kleurling- en een Asiëruniversiteit as spesia=liseringsrigting aangebied*. Verder word LO as spesialiserings=inrigting by onderwyserskolleges van al vier die bevolkings=groepe aangebied.

Met betrekking tot die LO-opleiding van swart onderwysers bestaan daar besondere probleme. Die probleme lê veral in die feit dat LO slegs by een swart universiteit as spesiali=seringsrigting aangebied word, terwyl twee ander slegs nie-formele opleiding (as afrigters, beamptes en skeidsregters) aanbied. Liggaamlike Opvoedkunde word in klasverband by agt swart onderwysersopleidingskolleges aangebied, terwyl een swart kollege met 'n eenjarige spesialisasie in LO na verkryging van die onderwysersdiploma begin het. Wanneer die behoefte aan opgeleide persone in ag geneem word, blyk

---

*Blankes: Universiteite van Pretoria, Potchefstroom, Stel=lenbosch, Bloemfontein en Port Elizabeth
Swartes: Universiteit van die Noorde
Kleurlinge: Universiteit van Wes-Kaapland
Asiërs: Universiteit van Durban-Westville

dit dat die opleidingsgeleenthede ver te kort skiet. Die nadele hiervan kring wyd uit, aangesien hierdie volwassenes en die skoolgaande jeug swak ingelig word oor die moontlikhede van die vakgebied en daarmee saam ook algemene sportaktiwi= teite wat gewoonlik deel uitmaak van die LO-program (RGN, 1982, 12:154).

Geen opleiding in sportgeneeskunde word in die opleiding van geneeshere ingesluit nie en ook nie in die opleiding van fisio- en arbeidsterapeute of dieetkundiges nie. By die universiteit van Kaapstad word wel op nagraadse vlak enkele sportgeneeskundige lesings aan fisioterapeute aangebied (Sirkin, 1983).

Vir sportjoernaliste en -kommentators bestaan geen formele of nie-formele opleidingsgeleenthede om hulle vir hulle beroep voor te berei nie (RGN, 1982, 12:155).

Knelpunte met betrekking tot formele opleiding wat veral op sportopleiding betrekking het, is soos volg tydens die RGN-sportondersoek (1982) geïdentifiseer:

- die meganika van sekere sportsoorte, byvoorbeeld gimnastiek, word nie voldoende beklemtoon nie;
- sportgesondheidsaspekte word te min beklemtoon;
- sportorganisasie en -administrasie kry nie voldoende aandag nie;
- die aanbieding van sportgeskeidenis, veral met betrekking tot die politiek-opvoedkundige ontwikkeling, is onvoldoen= de;
- die teorie van sportafrigting word nie genoeg beklemtoon nie;

- te min tyd word vir die aanbieding van Sportkunde as vak toegelaat en dit lei daartoe dat daar nie genoeg tyd is om teoretiese kennis voldoende in die praktyk op die proef te stel nie;
- die gehalte van die opleiding word as gevolg van verskeie redes bevraagteken (RGN, 1982, 12:156).

5.4.2 Nie-formele opleiding

Nie-formele opleiding verwys na die opleiding van sportlui wat nie formeel geskied nie. Dit sluit afrigterskursusse, afrigtingskursusse, klinieke, simposia en korrespondensiekur=susse in.

Aangesien die grootste deel van die formele opleiding onderwys=gerig is en daarvan in elk geval min met betrekking tot sport=opleiding tereg kom, is die meeste persone wat tans sport=leiding moet neem in diens (nie-formeel) opgelei of selfs glad nie opgelei nie.

Opleiding moet aan drie kategorieë sportleiers gebied word, naamlik aan administrateurs, diegene wat die organisasie en wedstrydbeheer moet hanteer en die afrigters (RGN, 1982, 12:160).

Met betrekking tot die geprofessionaliseerdheid van sportaf=rigting word in hierdie verband slegs gekyk na die nie-formele opleiding van die sportafrigter. Nie-formele opleiding word deur nasionale en provinsiale sportliggame, staatsinstansies, die sportburo's en institute van universiteite en die Sportstig=ting van Suider-Afrika onderneem.

5.4.2.1 Nasionale sportbeheerliggame

Sportopleiding is 'n baie belangrike funksie van sportlig= game. Dit behels indiensopleiding van administratiewe perso= neel, afrigters, skeidsregters, beamptes en deelnemers. Opleiding geskied deur sowel nasionale en provinsionale lig= game as deur klubs. Deelnemers word opgelei in die vorm van kursusse vir skoolkinders, junior- en seniordeelnemers. Die nasionale sportbeheerliggame koördineer en bevorder die opleiding binne 'n sportsoort en neem opleiding op nasionale vlak waar. Die provinsiale liggame en klubs neem weer die opleiding op hulle eie vlakke waar.

Volgens die RGN-sportondersoek (1982) is die posisie met betrekking tot die opleiding van afrigters egter sorgwekkend (RGN, 1982, 8:251). Twintig persent van die nasionale sportbe= heerliggame en 33% op provinsiale vlak aanvaar nie die oplei= ding van afrigters as 'n funksieterrein nie. Verder is 'n groot aantal van die liggame wat wel opleiding verskaf, nie doeltreffend nie. Slegs 40% is van mening dat hulle opleidings= pogings slaag. Dit beteken dat 'n omvattende nasionale poging nodig is om aan die voorsiening van opleiding reg te laat geskied (RGN, 1982, 8:251).

Aangesien sportliggame meer as 95% van hulle sportmannekrag van vrywillige en onbesoldigde individue afhanklik is, sal die opleiding van vrywillige mannekrag baie hoë prioriteit moet geniet. Dit is ook 'n noodsaaklikheid indien met 'n na= sionale afrigtingskema begin wil word wat op die lang duur sal slaag (Scholtz, 1983(b):80).

Alhoewel sportlui bewus is daarvan dat diegene wat dienste aan sport lewer, vrywilligers is, verminder dit nie die behoef=tes wat daar onder hulle aan gespesialiseerde afrigting be=staan nie. Die kwaliteit van prestasies hang ten nouste saam met die kwaliteit van beskikbare afrigting en daarom sal daar noukeurig aandag aan opleiding gegee moet word (RGN, 1982, 8:278).

Die nasionale sportbeheerliggame behoort 'n leidende aandeel in die opleiding van sportleiers te hê. Hierdie liggame moet in samewerking met permanente, vakkundige diensliggame, 'n opleidingstelsel en -inhoud saamstel wat in hulle behoeftes sal kan voorsien. Volgens die RGN-sportondersoek (1982) is 'n spanpoging tussen die nasionale sportbeheerliggame en die sportinstitute by universiteite (as vakkundige dienslig=game) "die sleutel tot suksesvolle deurvoering van die oplei=dingsplan" (RGN, 1982, 12:182). Dit sal tot 'n gesistemati=seerde, gekoördineerde en bestendige opleidingsaksie lei.

Tydens die onderhawige ondersoek (PSA/1, 1983) is vasgestel dat 13 (59%) van die 22 nasionale sportbeheerliggame wat ondersoek is, voorgeskrewe sillabi gebruik vir die opleiding van sportafrigters. Van hierdie liggame maak 55% van eksa=minering gebruik om die standaard van die opgeleide afrigters vas te stel. Hierdie eksaminering vind in 9 gevalle gereeld plaas en in 13 gevalle ongereeld. Vier-en-sestig persent van die liggame maak voorsiening vir verskillende vlakke van opleidingg vir afrigters. Drie vlakke van opleiding kom oor die algemeen die meeste voor, terwyl ander moontlikhede soos vier, vyf of ses vlakke, ook voorkom. By 45% van die liggame moet die gekwalifiseerde afrigters in hulle sportsoort

registreer. Die kwalifikasie word die meeste gevalle onbeperk behou, terwyl in ander gevalle dit na een jaar tot drie jaar verval.

Sewe-en-sewentig persent van die gekwalifiseerde afrigters moet volgens die eise van hulle sportliggame periodiek afrig=terskursusse bywoon.

Met betrekking tot indiensopleiding in sport het die RGN-sportondersoek (1982) aangetoon dat Asiër-, kleurling- en swart onderwysers nie dieselfde geleenthede het om sportoplei=dingskursusse in afrigting, beampte- of skeidsregterskap en sportadministrasie as die blanke onderwysers by te woon nie. Byna 80% van die blanke onderwysers het geleenthede gehad om kursusse by te woon, teenoor 41% of minder van die ander bevolkingsgroepe (RGN, 1982, 8:160). In afrigting en beampteskap was die meeste opleidingsgeleenthede vir alle bevolkingsgroepe beskikbaar, maar daar is nogtans tot die gevolgtrekking gekom dat baie meer kursusse vir skoolafrigters aangebied behoort te word (RGN, 1982, 8:161). Volgens gegewens wat met die RGN-sportondersoek (1982) beskikbaar gestel is, is vasgestel dat in geeneen van die tradisionele skoolsport=soorte bevredigende opleidingsdienste gelewer is nie.

Selfs 'n sportsoort soos rugby, wat deur sommige as 'n sportsoort aangedui word waarin 'n baie goeie diens gelewer word, bereik nie al die onderwysers nie (RGN, 1982, 8:166).

Sportsoorte wat nie 'n gunstige beoordeling van die onder=wysers ontvang het nie, is die volgende:

| BLANKES | INDIëRS | KLEURLINGE | SWARTES |
|---|---|---|---|
| Tennis | Tennis | Tennis | Karate |
| Krieket | Netbal | Swem | Vlugbal |
| Swem | Swem | Vlugbal | Boks |
| Gimnastiek | Gimnastiek | | |

Onderwysers het aangedui dat hulle in sommige van die tradisio= nele sportsoorte verdere opleiding in veral sportafrigting verlang, al is hulle vantevore daarin opgelei (RGN, 1982, 8:188). Dit blyk dat die onderwyspersoneel self deeglik bewus is van die probleme wat met onvoldoende opleiding in sportafrigting ervaar word.

Teenoor die nasionale sportbeheerliggame wat glad nie (of op ongeorganiseerde wyse) aandag aan die opleiding van afrigters gee nie, is daar tog Suid-Afrikaanse sportsoorte wat met betrekking hierop reeds 'n definitiewe funksieterrein afgebaken het.

Twee sportsoorte wat in Suid-Afrika reeds geruime tyd afrigters oplei, is tennis en atletiek (Hudson, 1983 en Rautenbach, 1983). Die opleidingstelsel (en die daarmeegepaardgaande re= gistrasie van gekwalifiseerde afrigters) van die twee sport= soorte word vervolgens bespreek. Dit dien as voorbeeld van

i) 'n sportsoort waarin professionele afrigters teen besol= diging afrig (tennis) en
ii) 'n sportsoort waarin afrigters vrywillig en sonder besol= diging afrig (atletiek)

i) Tennis

a) Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Tennisafrigtersvereniging (SATAV) is gedurende April 1973 gestig (Putter, 1984). Dit is 'n vereni= ging wat onafhanklik van die Suid-Afrikaanse Tennisunie (SATU) funksioneer, maar dit is 'n geassosieerde lid van laasgenoemde*. SATAV stel sigself ten doel om saam met SATU die standaard van tennis te bevorder en te verbeter (SATAV, 1982: 2 ).

b) Doelstellings van SATAV

Verdere doelstellings van hierdie vereniging sluit die vol= gende in (SATAV, 1982: 3 ):

- Om deur middel van gekwalifiseerde provinsiale afrigters en opgeleide tennisinstrukteurs 'n afrigtingsdiens aan die Suid-Afrikaanse publiek te lewer;
- om op streeks-, provinsiale, nasionale en professionele vlak aan amateurinstrukteurs en professionele afrigters geleenthede te bied om hulle kennis van afrigting te verbeter;
- om standaarde op alle vlakke van afrigting en opleiding daar te stel en te onderhou;
- om dissiplinêre maatreëls in te stel teen lede of nie-lede wat die etiese kode van SATAV óf die reëls wat neergelê is deur die SATU, en wat betrekking op tennisafrigters het, oortree;
- om internasionale kontak met internasionale afrigtersver=

* Die moontlikhede vir die inskakeling van die SATAV as 'n sub= komitee van die SATU, word tans ondersoek (Putter, 1984)

enigings en die ontwikkelingsprogramme vir afrigters van die Internasionale Tennisfederasie op te bou.

c) Die infrastruktuur van SATAV

Die bestuur en beheer van SATAV is in twee komitees gesetel, naamlik 'n uitvoerende komitee en 'n dagbestuur (SATAV, 1982:7 en 8).

Die Uitvoerende Komitee bestaan uit die president, vise-president (beide by die Algemene Jaarvergadering verkies) die sekretaris/tesourier (aangewys) en provinsiale verteen=woordigers, asook 'n verteenwoordiger van die Departement van Nasionale Opvoeding en een van die Sportstigting van Suider-Afrika.

Die Dagbestuur bestaan uit die president, vise-president, sekretaris, en 'n verteenwoordiger van Sportstigting (die tennisdirekteur) en 'n addisionele lid (verkies by die Algemene Jaarvergadering).

Die Dagbestuur kan dringende sake afhandel maar moet altyd weer by die Uitvoerende Bestuur verslag gee.

SATAV beskik verder nog oor 'n Tegniese Komitee en 'n Nasionale Raad van Eksaminatore (SATAV, 1982:18-19).

Die Tegniese Komitee bestaan uit drie lede, naamlik Voorsitter (wat ook die sameroeper van die Nasionale Eksaminerende Raad is) en twee addisionele lede, verkose by die Algemene Jaarver=gadering, waarvan een ook 'n lid van die eksamenraad moet

wees. Hierdie komitee moet leiding gee met betrekking tot afrigting en afrigtingstegnieke, metodes en standaarde vir streeks-, provinsiale, nasionale en professionele tennisaf=rigterskursusse. Verder moet hierdie komitee die teoretiese eksamenvraestelle vir streeks-, provinsiale en nasionale eksamens opstel, hersien en kontroleer, asook reëls en regula=sies neerlê en riglyne bied vir die aflê van die praktiese eksamens op provinsiale en nasionale vlak.

Die Tegniese Komitee is verantwoording aan die Uitvoerende Komitee op die algemene jaarvergadering verskuldig. Hierdie komitee kan in noodgevalle vir die nasionale eksamenraad besluite neem.

Die Nasionale Raad vir eksaminatore bestaan uit agt lede, en word uit nominasies, deur die provinsiale verenigings voorgelê, op die Algemene Jaarvergadering verkies. Slegs diegene wie se name op die amptelike paneel van geregistreerde afrigters voorkom, is vir hierdie raad verkiesbaar. Die sameroeper (wat ook lid is van die tegniese komitee) is die voorsitter van hierdie raad. Die oorblywende lede moet ver=kieslik voltydse tennisafrigters wees, alhoewel hoogstens twee van die sewe 'n ander bron van inkomste mag hê, maar hulle moet nogtans as afrigters geregistreer wees.

Hierdie Raad kom jaarliks bymekaar om te eksamineer, en hulle beskik oor die mag om die aantal kandidate vir eksaminering te beperk.

In samewerking met die Tegniese Komitee bepaal die Raad die metode van eksaminering ten opsigte van die teoretiese kennis en praktiese vermoë van die kandidate.

Provinsiale liggame

Op provinsiale vlak bestaan ook tennisafrigtersverenigings. Dit is onafhanklike liggame maar ten einde samewerking met die provinsiale tennisliggame te verseker, word aanbeveel dat eersgenoemde liggame by laasgenoemde affilieer. Samewer= king geskied byvoorbeeld ten opsigte van die reël van afrig= tingskursusse in 'n besondere provinsie; die verbod op ongekwa= lifiseerde afrigters wat teen vergoeding op die bane van geaffilieerde klubs afrig; asook op ander terreine van gemeen= skaplike belang (SATAV, 1982:20).

d) Etiese kode

SATAV het 'n etiese kode vir alle afrigters (professioneel en amateur) opgestel en ten einde die doelstellings van SATAV te kan nakom, moet hulle by die kode hou. Die inhoud daarvan word kortliks weergegee.

- Die naam tennisafrigter moet sinoniem wees met en 'n waar= borg wees van eer, diens en eerlike etiese norme
- Die integriteit en lojaliteit van die tennisafrigter teenoor die spel en sy verantwoordelikheid teenoor SATAV, werkgewers en vervaardigers wat in diens geneem is, teenoor leerlinge en kliënte en hy of sy mede-afrigters, moet bo enige winsmotief gestel word
- Slegs geregistreerde professionele tennisafrigters mag vergoeding vir afrigtingsdienste vra en ontvang
- Dit is 'n beginsel dat die afrigtingsberoep onderskei word van baie ander beroepe op grond van die uniekheid en kwaliteit van professionele verhoudings tussen alle

afrigters. Die ondersteuning en respek van die gemeenskap word beïnvloed deur die standaard van die afrigters en hulle houding teenoor afrigting en ander afrigters.

Ten einde aan hierdie beginsel te voldoen, moet die afrigter:

- teenoor ander lede van die professie op dieselfde wyse optree as waarop hy verlang hulle teenoor hom moet optree;
- ander afrigters wat namens hom op sy versoek opgetree het, ondersteun;
- konstruktief praat oor ander afrigters maar op eerlike wyse aan die verantwoordelike persone rapporteer in gevalle waar die welsyn van leerlinge, die afrigtingsisteem en die professie betrokke is;
- aktiewe lidmaatskap in professionele organisasies behou en dit deur deelname probeer uitbou om so die doelstellings wat die bestaan van sulke groepe regverdig, te probeer bereik;
- professionele groei voortdurend stimuleer deur middel van studie, navorsing, reise, konferensies en die bywoning van professionele byeenkomste;
- die afrigtingsprofessie met betrekking tot ideale en praktyke so aantreklik voorstel dat eerlike en bekwame jongmense dit sal wil beoefen.

e) Die opleiding van afrigters*

Kursusse vir tennisafrigters word op vier verskillende vlakke aangebied, naamlik:

* Daar moet op gewys word dat die tennisafrigtersopleiding tans herbeplan word (Putter, 1984).

- 'n Beginnerskursus (op streeksvlak) wat agt uur duur;
- 'n intermediêre kursus van ses uur;
- 'n gevorderde kursus (provinsiaal) wat vier dae duur en
- 'n nasionale kursus wat ook oor vier dae strek (Putter, 1984).

Slegs professionele afrigters mag die nasionale kursusse bywoon. Die doel van hierdie kursusse is om die reeds gekwa= lifiseerde afrigters met nuwe ontwikkelings met betrekking tot afrigting vertroud te maak, asook om hulle wetenskaplike kennis te verbreed.

Eksaminering vind op slegs twee vlakke plaas, naamlik vir die kwalifikasie as 'n amateurinstrukteur (slaagpunt 60%) en as 'n professionele afrigter (slaagpunt 65%). Professionele afrigters mag afrigtingsgelde in. Indien kandidate tussen 60- en 65% in die eksamen vir professionele afrigters behaal, kwalifiseer hy as 'n professionele instrukteur en mag dan hoogstens twee jaar in hierdie kapasiteit afrigtingsgelde vra. Indien so 'n persoon die professionele eksamen aflê en slaag (met ten minste 65%), kwalifiseer hy as professionele afrigter. Andersins kan hy (met 'n slaagpunt tussen 60- en 65%) weer vir hoogstens twee jaar afrigtingsgelde vra. Amateurinstrukteurs mag nie vir geld afrig nie. Dit is egter noodsaaklik dat die eksamen vir hierdie kwalifikasie eers afgelê moet word, voordat die professionele eksamen aangedurf kan word (Putter, 1984).

Volgens die SATAV-konstitusie (1982:19) neem die Raad van eksa= minatore sowel die teoretiese kennis as die praktiese bekwaamheid van die kandidate tydens eksaminering in ag. Dit behels

die kennis en vermoë met betrekking tot beide die spel- en afrigtingstegniek.

Die eksamen word in drie afdelings afgelê, naamlik 'n teoretiese afdeling wat skriftelik en/of mondeling kan wees, 'n afdeling vir individuele afrigting en 'n afdeling vir groepsafrigting*.

Sover vasgestel kan word geskied die opleiding en eksaminering op 'n sportspesifieke grondslag, dit wil sê dat slegs die tegniek van tennis as sodanig ter sprake kom en nie algemene aspekte wat betrekking het op die afrigtingswetenskap nie**. Soos reeds genoem kom algemene wetenskaplike afrigtingsaspekte slegs by die nasionale kursusse vir reeds gekwalifiseerde professionele afrigters tereg.


ii) Atletiek

Die Suid-Afrikaanse Amateuratletiekunie (SAAAU) is een van die sportsoorte wat tans op georganiseerde grondslag poog om reg te laat geskied aan die opleiding van afrigters, asook die afrigting van deelnemers onder al die bevolkingsgroepe van die land.

As voorbeeld van die opleiding wat gebied word, word verskeie aspekte uitgelig.

* Toetskaart vir die professionele afrigterseksamen (SATAV)
**Leergang vir beginner-afrigters (SATAV)

Die volgende organigram toon aan hoe afrigting in die struktuur van die SAAAU hanteer word (SAAAU,1981(b):Figuur 18).




FIGUUR 18 ORGANIGRAM OM DIE AFRIGTINGSTRUKTUUR VAN DIE SAAAU AAN TE DUI (SAAAU, 1981)

Die SAAAU het nasionale en provinsiale itemkoördineerders (een vir elke nommer) aangestel. Die nasionale itemkoördineer=ders is verantwoordelik vir die ontwikkeling en verbetering van die algemene standaard van hulle besondere items. Die provinsiale itemkoördineerders is verantwoordelik vir die bevordering van afrigting in hulle items in hul eie provinsie, op alle vlakke en vir alle bevolkingsgroepe, asook vir die verbetering en ontwikkeling van die algemene standaard in hul provinsies (SAAAU, 1981(b):1) Die nasionale itemkoördi=neerders het ook sitting op die adviesraad vir afrigting (SAAAU, 1983(a):5).

Die nasionale itemkoördineerders is verantwoordelik vir die opstelling van riglyne met betrekking tot alle fasette van die opleiding en sertifisering van afrigters.

Afrigters kan soos volg vir die vier verskillende vlakke as afrigters kwalifiseer:

a) Vir die eerste kwalifikasie (elementêre vlak) moet afrig= ters in hulle eie provinsie 'n praktiese kursus bywoon en 'n skriftelike eksamen na afloop daarvan aflê. Die vraestel word deur die provinsie opgestel. Dit bevat slegs die elementêre beginsels van 'n betrokke item.

b) Na 'n tydperk van drie jaar waartydens gereeld afgerig is, kan die individu as provinsiale afrigter kwalifiseer (intermediêre vlak). Dit is egter nodig dat 'n skriftelike eksamen wat opgestel word deur die afrigtingsubkomitee eers geslaag moet word. Om gestandaardiseerde vraestelle vir die verskillende items te kan saamstel, word senior= afrigters en adviesraadslede gekoöpteer.

c) Twee jaar nadat 'n afrigter as provinsiale afrigter gekwali= fiseer het, kan hy of sy as senior afrigter (gevorderde vlak) kwalifiseer indien hy nog aktief afrig. Dit is nodig dat hy in die tydperk opgetree het as hoofafrigter of kursusleier op provinsiale of streeks- en/of nasionale vlak. 'n Skriftelike eksamen, opgestel deur die subkomitee vir afrigting (met gekoöpteerde lede), moet geslaag word. Die vraestel behels leerstof van 'n meer gevorderde aard wat ook aspekte van sportnavorsing en biomeganika insluit.

d) 'n Vierde kwalifikasie, die van honoris causa is 'n ere-toekenning en kan verwerf word deur 'n senior afrigter wat 'n tydperk van twintig jaar of langer aktief afgerig het.

Die leerplanne en vraestelle is gedurende Mei 1983 hersien en sien tans soos volg daaruit (SAAAU, 1983(b)).

A. Elementêre vlak (eerste vlak)

| Inhoud | Puntetoekenning | |
|---|---|---|
| a) Tegniek | Baanitems: 10 | Velditems: 15 |
| b) Aanleerstappe | Baanitems: 5 | Velditems: 11 |
| c) Foutontleding | Baanitems: 5 | Velditems: 5 |
| d) Oefeninge om tegniek te verbeter | Baanitems: 5 | Velditems: 5 |
| e) Oefeneenhede | Baanitems: 5 | Velditems: 5 |
| f) Program | | Velditems: 5 |
| g) Reëls | Baanitems: 5 | Velditems: 5 |
| TOTAAL | 50 | 50 |

Algemeen

- Vraestel elementêr
- Slaagsyfer 70%
- Vrae op veelvuldige keusebasis
- Basiese volgorde 1-7 soos leerplan aandui
- Die wegleiers moet duidelik wees
- Waar/onwaarvrae moet vermy word
- Tyd van vraestel: 1½ uur

B. Intermediêre vlak (tweede vlak):

| Inhoud | Puntetoekenning | |
|---|---|---|
| a) Tegniek | Baanitems: 20 | Velditems: 20 |
| b) Foutontleding | Baanitems: 15 | Velditems: 20 |
| c) Oefenmetodes | Baanitems: 15 | Velditems: 15 |
| d) Periodisering | Baanitems: 15 | Velditems: 10 |
| e) Psigologie | Baanitems: 5 | Velditems: 5 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| f) Terminologie | Baanitems: | 5 | Velditems: | 5 |
| g) Voorkoming van beserings | Baanitems: | 5 | Velditems: | 5 |
| TOTAAL | | 80 | | 80 |

Algemeen

- Langvraagtipe
- Slaagpunt 70%
- Praktiese evaluering tel 20 punte en daarvoor moet kandidate 'n minimum van 10 uit 20 kry
- Totale punt: 80 + 20 = 100 (Afdelings A en B)
- Tyd van vraestel: 2 uur

C. Gevorderde vlak (derde vlak)

| Inhoud | Puntetoekenning | | | |
|---|---|---|---|---|
| a) Programmering en Periodisering | Baanitems: | 20 | Velditems: | 50 |
| b) Biomeganika en Fisiologie | Baanitems: | 50 | Velditems: | 50 |
| c) Psigologie | Baanitems: | 40 | Velditems: | 40 |
| d) Toetsing en evaluering | Baanitems: | 24 | Velditems: | 24 |
| e) Beserings | Baanitems: | 16 | Velditems: | 16 |
| f) Dieet | Baanitems: | 10 | Velditems: | 10 |
| g) Aanverwante items | Baanitems: | 10 | Velditems: | 10 |
| TOTAAL | | 200 | | 200 |

Algemeen

- Die vraestel tel 200 punte op langvraagwyse
- Benewens vraestel ook 'n verdere praktiese punt van 100 punte, verdeel in 'n seminaar van 50 punte en praktiese foutontleding (byvoorbeeld met behulp van video) van 50

punte

- Slaagpunt 70%
- Totale punt 300 (teorie 200, prakties 100)
- Tyd van vraestel: 3 uur.

Afrigterskursusse word gereeld op alle vlakke vir alle bevol= kingsgroepe aangebied. Lede van al die verskillende bevolkings= groepe het byvoorbeeld gedurende 1983 op die elementêre vlak geslaag (Rautenbach, 1983).

'n Volledige handleiding vir atletiekafrigters word in die voor= uitsig gestel. Verder word 'n nasionale simposium, nasionale kongres en 'n nasionale kursus jaarliks vir afrigters gehou (SAAAU, 1983(a):2). Die atletiekunie het reeds sedert die laat sestigerjare gereeld wetenskaplik georiënteerde lesings by atletiekkursusse en -simposia aangebied om sodoende die atletiekafrigters wetenskaplik te skool (Rautenbach, 1983).

5.4.2.2 Sportburo's en institute aan universiteite

Verskeie universiteite beskik oor sportinstitute of soortgelyke instellings en alhoewel hulle nie almal op dieselfde wyse geor= ganiseer word nie, dien hulle tog 'n doel in die opleiding van sportafrigters. In 1979 is 'n sportopleidingsagentskap by die reeds bestaande navorsingsagentskap van die Universiteit van Pretoria gevoeg om sodoende die eerste volwaardige en dusver die enigste aktiewe sportinstituut te vorm (RGN, 1982, 12:182). Die sportinstituut is ingeskakel by die departement van Liggaam= like Opvoedkunde van die universiteit en aanvaar die verantwoor= delikheid van die nie-formele opleiding van sportlui. Op hier=

die wyse is die opleiding van sportlui op akademiese grondslag gevestig.

Tydens die onderhawige ondersoek (PSA/2, 1983) is vasgestel dat drie tersiêre onderwysinrigtings oor institute vir sportop=leiding beskik*.


### 5.4.2.3 Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekunde (SAVSLOR)

SAVSLOR is 'n navorsings- en opleidingsliggaam. In die struktuur van hierdie liggaam word voorsiening gemaak vir vier afdelings, naamlik die vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde, Rekrea=siekunde en Oefenkunde. Elk van hierdie afdelings maak voorsie=ning vir navorsing, opleiding en professionele lede. Die struk=tuur wat op 17 Februarie 1984 deur die hoofbestuur goedgekeur is en aan die 1984 Jaarvergadering voorgelê gaan word vir goed=keuring, is 'n vaartbelyning van die ou struktuur (SAVSLOR, 1984). Die organigram om dié struktuur uit te beeld word in figuur 19 weergegee.

SAVSLOR stel sigself tans ten doel om afrigtersopleiding in Suid-Afrika te bevorder en te koördineer (RGN, 1982, 7:165). SAVSLOR maak konstitusioneel voorsiening vir sportkundiges en die betrokkenheid van die liggaam by sportopleiding en -navorsing sal die koördinasie en kommunikasie tussen die sport=institute verwesenlik.

---

* Universiteit van Pretoria, Universiteit van Stellenbosch en die Port Elizabethse Technikon




FIGUUR 19 ORGANIGRAM OM DIE VOORGESTELDE STRUKTUUR VAN SAVSLOR AAN TE DUI (1984)

Omdat sportopleiding in Suid-Afrika by die sportinstitute akademies gegrond sal wees, is dit volgens die RGN-sport=verslag (1982, 12:184) noodsaaklik dat SAVSLOR as oorkoepelen=de, professionele belangeliggaam vir liggaamlike opvoedkundi=ges, 'n aandeel moet hê in 'n sportopleidingsinfrastruktuur.

In hierdie verband is 'n vergadering met die oog op wetenskapli=ke diens aan sportlui op 23 November 1983 te Pretoria gehou. Verskeie nasionale sportbeheerliggame is op uitnodiging deur persone wat vir afrigting verantwoordelik is, verteenwoordig, terwyl personeel van die Sportstigting van Suider-Afrika ook teenwoordig was. Die doel van hierdie vergadering was uitsluitlik gerig op die bekendstelling van die sportopleiding=struktuur soos deur die RGN-sportverslag (1982) aanbeveel is. Na verskeie sake wat gedurende 'n bespreking oor die aange=leentheid na vore gekom het, is besluit dat SAVSLOR sal voort=gaan met die inisiatief om 'n aanvang te maak met stappe wat nodig is om die stelsel te implimenteer*.

### 5.4.2.4 Die Sportstigting van Suider-Afrika

Die Sportstigting van Suider-Afrika konsentreer sedert 1966 op deskundige afrigting, opleiding, advies- en hulpdienste. Omdat die staat nooit toereikend in die behoeftes van sport kan voorsien nie, is deskundige opleidingsdienste en bykom=stige finansiële steun onontbeerlik. Sportstigting lewer egter dienste aan slegs 'n paar sportsoorte, met die gevolg dat die bydraes nie as 'n nasionale opleidingsplan gereken

---

* Skrywer was persoonlik by hierdie vergadering teenwoordig

kan word nie. Die samewerking tussen sowel hierdie instansie en die departemente van Liggaamlike Opvoedkunde, as die betrokke nasionale sportbeheerliggame, is deurgaans na wense, en waardevolle dienste word aan laasgenoemde instansies gelewer.

Volgens die RGN-sportverslag (1982, 12:186) word voorsien dat die Sportstigting "'n belangrike voortgesette rol in 'n toekomsbedeling vir sportopleiding kan speel". In laasgenoemde verslag word ook voorgestel dat die dienste van deskundiges van die Sportstigting voltyds aan sportinstitute beskikbaar gestel moet word.

5.4.2.5 Myne, nywerhede en groot sakeondernemings

Die myne, nywerhede en groot sakeondernemings bied ook dienste met betrekking tot die opleiding van sportlui. Opleiding geskied in die vorm van kursusse vir deelnemers, beamptes, administrateurs, skeidsregters en afrigters. Die myne gee hierin leiding , deurdat hulle geriewe vir opleiding beskikbaar stel (78%), teenoor die nywerhede (13%) en ander sektore (21%). Verder word eie voltydse personeel deeltyds vir sportopleiding beskikbaar gestel (mynbou 57%, nywerheid 13%, ander sektore 15%). Eie werknemers word ook deur die myne op voltydse basis beskikbaar gestel (20%)(RGN, 1982,8:222).

5.4.2.6 Plaaslike owerhede

Plaaslike owerhede verleen hoofsaaklik ondersteunende dienste met betrekking tot sportopleiding, alhoewel administrasierade in hieride verband 'n groter verantwoordelikheid aanvaar as die munisipaliteite wat redelik onbetrokke is (RGN, 1982,8:58).

5.4.2.7 Opleidingsmodelle vir die sportafrigter

In die samestelling van opleidingsmodelle moet duidelik onder=skei word tussen die wat gerig is op die opleiding van die vrywillige sportafrigter en die model wat die opleidingsinhou=de vir die opleiding van die voltydse professionele afrigter bevat. Vir laasgenoemde word 'n driejarige "formeel akademiese sportkundige opleiding plus 'n eenjarige, praktiese diplomakur=sus in 'n bepaalde sportvertakking in die vooruitsig gestel" (Botha, 1981:114).** In die RGN-sportverslag (1982, 12:300-331) word voorbeelde gegee van opleidingsmodelle vir vier sportsoorte wat gerig is op die vrywillige sportafrigter*.

Hierdie modelle word beskou as die voorlopers van die be=roepsmodelle. Die ideaal is dat alle sportsoorte uiteindelik oor die nodige opleidingsinfrastruktuur sal beskik sodat afrigters wat as nasionale afrigters in die verskillende sportsoorte aangestel word, oor die hoogste kwalifikasie (vlak III) sal beskik.

In die voorgestelde opleidingsmodelle word ruimte gelaat vir veranderings en toevoegings. Afrigters kan op drie ver=skillende vlakke opleiding ontvang vir afrigting op verskil=lende prestasievlakke. Inhoudelik word voorsiening gemaak vir sowel die algemene opleiding van 'n sportafrigter (van toepassing op alle afrigters) as vir die sportspesifieke opleiding (gerig op die gekose sportsoort). Die algemene en sportspesifieke opleiding geld vir al drie vlakke. 'n Vierde kwalifikasie kan verwerf word. Dit is 'n eretoekenning

* Die modelle is ontwerp deur Botha (UP) en assistente
**Vergelyk voorstelle (p.450)

Volgens meriete: ꞌn verdienstelikheidskwalifikasie - genomineer deur nasionale sportbeheerliggame, dienslewering, navorsing

VLAK IV
Nasionale afrigter

Opleidingstyd : 120 uur

| Basiese opleiding | | Sportspesifieke opleiding |
|---|---|---|
| Sportopvoeding | 5,5% | |
| Sportfisiologie | 18,3% | |
| Bewegingsleer | 10,0% | Soos vlak I en II - aangepas by vereistes van Sportsoort |
| Afrigtingsleer | 13,3% | |
| Sportsielkunde | 5,6% | |
| Sportsosiologie | 5,6% | |
| Sportgeneeskundige vraagstukke | 8,3% | |

EKSAMEN 3,4%

VLAK III

Provinsiale afrigters gerig topsportkompetisies.
Minimum ouderdom 21 jaar.
Slaagsyfer 70%

Vir toelating tot vlak III: slaagvereistes vir vlak II.
Erkende nasionale afrigters kry toelating na toelatingseksamen oor teoretiese aspekte van I en II.

2 Jaar praktiese sportafrigt
300 kontakure

Opleidingstyd : 80 uur

| Basiese opleiding | | Sportspesifieke opleiding 47,5% |
|---|---|---|
| Afrigter as leier | 3,3% | |
| Sportfisiologie | 8,3% | |
| Bewegingsleer | 6,7% | Hoofpunte soos by vlak I toegepas op spesifieke vereistes van sportsoort |
| Toetsing en meting | 4,2% | |
| Afrigtingsleer | 10,0% | |
| Prestasiemotivering en sosiale waardes | 5,0% | |
| Onderrigkundige aspekte | 5,0% | |
| Sportbeserings | 5,0% | |

EKSAMEN 5,0%

VLAK II

Klubs- en hoërskooldeelname: kompetisiegerig. Minimum ouderdom 18 jaar.
Slaagsyfer: 70%

Vir toelating tot vlak II: slaagvereistes vir vlak I of LO-kwalifikasie

2 Jaar praktiese ervaring
100 kontakure

Opleidingstyd : 45 uur ( 150 kontakure (9 maande) praktiese ervaring

| Basiese opleiding | | Sportspesifieke opleiding 44,4% |
|---|---|---|
| Afrigter as leier | 5,9% | |
| Fiksheid | 17,8% | Basiese fisieke vereistes |
| Bewegingsleer | 7,5% | Kennis van die tegnieke |
| Deelnamemotivering en sosialisering | 5,9% | Metodiek<br>Kondisionering |
| Onderrigkundige aspekte | 8,9% | Beoordeling reëls, regulasies<br>Organisasieleer |
| Sportgerigte eerstehulp | 2,9% | |

EKSAMEN 6,7%

VLAK I

Massadeelname:
laerskoolkinders
Minimum ouderdom 16 jaar
Eksamen afgelê slaagsyfer 65

FIGUUR 20 DIE VOORGESTELDE VLAKKE VAN AFRIGTERSOPLEIDING (Botha, 1981:117-122)

volgens meriete. Figuur 20 toon die voorgestelde vlakke van opleiding aan.

Volgens hierdie voorbeeld kan sportsoorte modelle uit die sportspesifieke afdeling opstel wat in hulle besondere behoef= tes voorsien. Dit sal beteken dat eenvormige opleiding en sertifisering gelykwaardige erkenning verseker. Aangesien die basiese opleiding vir alle afrigters dieselfde is, kan dit gesamentlik aangebied word. Die sertifikate wat na afleg= ging van die vereistes op elke vlak toegeken word, sal deur die voorgestelde SA Sportraad, die sportinstitute, die nasio= nale sportbeheerliggaam en die Departement vir Nasionale Opvoeding erken word (RGN, 1982, 12:305). Die geldigheid van die sertifikate verval indien opknappingskursusse nie binne drie jaar bygewoon word nie. So 'n opknappingskursus verleng die geldigheid van die kwalifikasie telkens met twee jaar. Die afrigters moet lede van erkende sportliggame wees, en moet aktief betrokke wees by die besondere sportsoort (RGN, 1982, 12:303).

### 5.4.3 Samevattende aanbevelings van die RGN-sportverslag

Na aanleiding van die RGN.sportondersoek (1982) is verskeie aanbevelings met betrekking tot opleiding gemaak. Indien hierdie aanbevelings geïmplimenteer kan word, sal dit die knelpunte wat op alle vlakke onder al die bevolkingsgroepe bestaan, verlig (Nel, 1983: 12 ). Die belangrikste aanbevelings met betrekking tot opleiding kan soos volg weergegee word (Nel, 1983:12).

- Vakdissiplines soos Liggaamlike Opvoedkunde, Sportweten= skap (Sportkunde), Rekreasiekunde en Gesondheidsbevor= derende dienste moet op tersiêre akademiese vlak aangebied

word;

- nie-formele opleiding in kompetisie- en ontspanningsport moet uitgebrei word, veral onder die swart- en kleurling= bevolkingsgroepe;
- sertifikate wat tydens nie-formele opleiding verwerf word, moet amptelike nasionale erkenning geniet;
- veral onderwyspersoneel wat nie sportopleiding ontvang het nie, moet indiensopleiding ontvang;
- die instelling van sportinstitute by die verskillende universiteite is ook beklemtoon en gepaardgaande hiermee ook die aanbeveling dat hierdie institute op 'n realistie= se wyse deur die staat gefinansier word.

## 5.5 DIE VERSKILLENDE INSTANSIES WAT AFRIGTING BEHARTIG EN DIE VLAKKE VAN DEELNAME

### 5.5.1 Sportdeelname op skoolvlak

Sport vorm deel van die skoolgaande kind se daaglikse program en dit vorm ook 'n groot deel van hul vryetydsbesteding. In sowel die skoolkurrikulum as in die buitekurrikulêre akti= witeite geniet sport die erkenning van die onderwysowerhede (RGN, 1982, 17:37). "Sportdeelname op skool word gevolglik as 'n aanvullende opvoedingsgeleentheid beskou wat tot die beskikking van die kind gestel word" (RGN, 1982, 17:230). Op skool word sport in kompetisieverband, as ontspanning of gedurende liggaamlike opvoedingperiodes beoefen. Dit is egter noodsaaklik dat sport 'n regmatige plek in die opvoedings-/ onderrigprogram inneem sodat die akademiese opleiding nie oorbeklemtoon en die sportopleiding onderbeklemtoon word

nie (RGN, 1982, 17:206).

5.5.1.1 Die omvang van sportdeelname aan skole

Meer leerlinge aan blanke skole neem in verhouding aan sport deel as leerlinge aan Indiër-, Kleurling- en Swartskole Net meer as die helfte van die leerlinge wat in die RGN-sportondersoek ondervra is, neem aan sport deel (57%). Wanneer sport as opvoedingsmedium gereken word, is hierdie persentasie laag. Dit hou heel moontlik verband met drie faktore, naamlik gebrekkige geriewe, min geleenthede vir deelname en ook gebrek=kige afrigting (RGN, 1982, 17:231).

As gevolg van veral die gebrekkige sportafrigting, gebeur dit dat 'n groot aantal leerlinge (23%) by klubs buite skoolver=band aansluit (RGN, 1982, 17:231). Hierdie tendens sal toeneem totdat skole doeltreffende en effektiewe afrigtingsgeleenthe=de vir die leerlinge kan aanbied. Indien dit nie realiseer nie, sal die onderwysers al meer beheer oor die vryetydsbe=steding van die leerlinge verloor en opvoedingsgeleenthede sal verlore gaan. Opvoedingsgeleenthede sal dan oorgelaat word aan persone wat nie professioneel toegerus is om dit te vervul nie (RGN, 1982, 8:291).

Leerlinge sluit in 'n toenemende mate ook by sportklubs aan, omdat die klubs onder andere ook beter spesialiserings=moontlikhede aan skoliere bied. Hierdeur verbeur onderwysers ook kosbare opvoedingsgeleenthede. Aangesien skoliere steeds meer by sportklubs aansluit ook as gevolg van die spesialise=ringsmoontlikhede, moet dit in gedagte gehou word dat as vroeë spesialisasie summier uit skolesport geweer word, al meer kinders na sportklubs sal emigreer met die moontlikheid

dat hulle daar blootgestel kan word aan die gevare van onoor= deelkundige, vroeë spesialisasie (RGN, 1982, 11:130). Tradi= sionele sportsoorte wat deur skole aangebied word, word minder dikwels by buiteklubs beoefen (RGN, 1982, 17:227).

5.5.1.2 Sportdeelnamepatrone

Sportdeelname word in groot mate beïnvloed deur verskeie faktore soos byvoorbeeld:

- die graad van verstedeliking;
- die geografiese streek waarin 'n skool geleë is;
- geslag;
- kultuur;
- sosio-ekonomiese status.

Tydens die RGN-sportondersoek (1982) is bevind dat meer seuns as dogters aan sport deelneem. Die meeste kinders in die ondersoekgroep (alle bevolkingsgroepe) neem aan atletiek deel, maar in Natal is die aantal seuns wat sokker speel byna net soveel as die atlete en in die ander provinsies is die aantal seuns wat rugby speel weer gelyk aan die wat aan atletiek deelneem (RGN, 1982, 17:224). Ses sportsoorte het 'n aansienlike deelnametal, naamlik atletiek (50,0%), rugby 19,2%), korfbal* (16,4%), tennis (15,8%), swem (14,8%),

* Dit blyk dat hier 'n verwarring tussen die sportsoorte Korfbal en Netbal bestaan. Op verskeie plekke in die RGN-sportverslag (1982) word Netbal op skoolvlak en naskools aangedui as 'n sportsoort wat meer beoefen word as Korfbal, byvoorbeeld:
  i) RGN,1982,8:129 (Netbal word as een van die belangrikste skoolsportsoorte aangedui. Korfbal word nie genoem nie).
  ii) RGN,1982,8:132 (Netbal tel by al vier die bevolkingsgroe= pe onder die eerste vier sportsoorte waarin die meeste diens as spelbeheerders gelewer word. Korfbal kom nie on= der die eerste tien sportsoorte voor nie).
  iii) RGN, 1982,8:12 en RGN, 1982, 5:118 (Netbal word bo Korf= bal as 'n gewilde sportsoort onder jong volwassenes en volwassenes aangedui).

en sokker (14,5%)(RGN, 1982, 17:210). Die volgende ses skoolsportsoorte geniet ook redelik aansien, naamlik krieket (8,8%), landloop (8,3%), hokkie (7,5%), gimnastiek (5,8%), vlugbal (5,6%) en muurbal (4,2%)(RGN, 1982, 17:210).

Voorgenoemde gegewens het nie die tipe skool, bevolkingsgroe= pe of skoolligging in ag geneem nie.

Wanneer die skooltipe in ag geneem word, is atletiek nog die sportsoort wat deur die meeste leerlinge beoefen word alhoewel daar 'n afname in deelnemertal van laer- na hoërskool plaasvind. Wat die ander sportsoorte betref is daar min verskil met betrekking tot die eerste twaalf sportsoorte, soos reeds genoem; alhoewel die rangorde van deelname mag verskil. Basketbal en karate kry egter in die laerskool voorkeur bo hokkie en muurbal, aangesien laasgenoemde twee sportsoorte nie in alle dele van die land as laerskoolsport= soorte gereken word nie (RGN, 1982, 17:212).

Die vyf belangrikste sportsoorte, volgens die getalle onder= wysers wat daarin diens lewer, is vir die onderskeie bevol= kingsgroepe soos volg (die getal betrokke word as persentasie aangedui)(RGN, 1982, 8:147).

| BLANK | INDIëR | KLEURLINGE | SWART |
|---|---|---|---|
| Rugby (7,9%) | Voetbal (sokker) (21,4%) | Voetbal (sokker) (12,6%) | Voetbal(sokker) (33,3%) |
| Atletiek (6,9%) | Krieket (mans) (9,5%) | Netbal (10,5%) | (Atletiek (12,5%) |
| Tennis (5,3%) | Atletiek (8,1%) | Atletiek (8,4%) | Tennis (12,5%) |
| Hokkie (dames) (9,3%) | Vlugbal (7,1%) | Rugby (8,4%) | Netbal (9,4%) |
| Netbal (3,2%) | Tennis (5,7%) | Krieket(mans) (7,7%) | Karate (5,2%) |

Geografiese ligging het ook 'n invloed op sportdeelnamepatrone. In hierdie verband kan geriewe, die uitgestrektheid van sekere gebiede, of die weersgesteldheid, deelname beïnvloed. Volgens gegewens wat tydens die RGN-sportondersoek (1982) versamel is, kom groot verskille tussen stedelike en platte= landse streke voor. In die plattelandse gebiede word ook in groter mate op slegs enkele sportsoorte klem gelê (atle= tiek, rugby, korfbal* en sokker), terwyl die deelnemerver= spreiding in die stedelike streke 'n groter verskeidenheid sportsoorte verteenwoordig (RGN, 1982, 17:218).

Die bevolkingsgroep waaraan sportdeelnemers behoort, asook hulle kultuuragtergrond, beïnvloed verder sportdeelname (RGN, 1982, 17:219). Atletiek trek deurgaans die meeste deelnemers. Maar waar rugby by blankes die tweede grootste sportsoort is, is sokker die tweede keuse sportsoort by die ander bevolkingsgroepe. Verder toon die eerste sewe sportsoorte by blankes (atletiek, rugby, tennis, swem, korfbal*, krieket en hokkie) en by Indiërs (atletiek, sokker, vlugbal, landloop, korfbal* swem en krieket) 'n hoër deelname= syfer as tien persent, terwyl slegs vier sportsoorte by die kleurlingskole (atletiek, sokker, korfbal* en basketbal) 'n hoër deelnamesyfer as tien persent toon (RGN,1981, 17:224).

Voorgenoemde gegewens toon aan dat alle sportsoorte nie in dieselfde mate deur sportdeelnemers beoefen word nie. Besondere voorkeure sal noodwendig die voorsiening van sport= afrigting beïnvloed.

---

* Kyk voetnota p.340.

Tydens die RGN-sportondersoek (1982) is ook vasgestel dat sportlui van die spansportsoorte af wegbeweeg na die individuele sportsoorte, waar die individu met minder orga=nisasie binne 'n relatief kort tydperk die nodige oefening kan kry. Baie van hierdie individuele sportsoorte word by sportklubs buite skoolverband beoefen. Volgens die RGN-sportverslag (1982, 17:231) sal onderwysowerhede duide=likheid moet verkry daaroor of hulle wel vir die behoefte voorsiening gaan maak en of hulle slegs op spansportsoorte by skole gaan konsentreer.

5.5.1.3 RGN-sportverslagaanbevelings

Die aanbevelings wat veral op sportafrigting in die skool=situasie betrekking het, sluit die volgende in:

- Aangesien sportbeoefening op skool as 'n opvoedingsge=leentheid beskou word, moet die nodige geleenthede vir sportdeelname binne skoolverband geskep word;
- voldoende afrigtingsgeleenthede, tesame met die nodige geriewe en apparaat moet beskikbaar gestel word;
- die leerlinge moet aangemoedig word om aan 'n verskeiden=heid sportsoorte deel te neem;
- massadeelname en topsportdeelname moet aangemoedig word;
- die standaard van sportafrigting moet aan die nodige vereistes voldoen.

### 5.5.2 Sportdeelname aan tersiêre onderwysinrigtings

#### 5.5.2.1 Sportdeelnamepatrone

Tydens die RGN-sportondersoek (1982) is vasgestel dat 'n veel groter verskeidenheid sportsoorte by universiteite as by kolleges en technikons beoefen word. As rede hiervoor kan aangevoer word dat die groter studentetal by universitei= te as die by kolleges en technikons die aanbieding van 'n groter verskeidenheid sportsoorte moontlik maak. Verder word weer by kolleges 'n groter verskeidenheid sportsoorte as by technikons aangebied. Alhoewel die studentetal by technikons tans groter is as die by kolleges, kan die feit dat kollegestudente meer van koshuisinwoning gebruik maak, beteken dat hulle meer aan kollegesport deelneem (waarvoor die nodige geleenthede dan geskep moet word), teenoor die studente aan die technikons wat heel moontlik by sportdeel= name buite technikonverband betrokke raak (RGN, 1982, 17:237).

Uit die inligting wat tydens die RGN-sportondersoek (1982) van die verskillende tersiêre onderwysinrigtings verkry is, kom duidelike verskille met betrekking tot die deelname= patrone van studente aan die verskillende inrigtings na vore. Faktore soos geslag, taal en bevolkingsgroepe het ook 'n beduidende invloed op die keuse van sportsoorte.

Met betrekking tot studente se sportdeelname in die algemeen blyk dat hulle genieg is om veral by universiteite en technikons, in groter mate deel te neem aan nie-geslagspe= sifieke sportsoorte wat geleenthede bied vir individualis= tiese, sosiale aktiwiteite. Die studente aan kolleges

neig veral tot deelname aan spansportsoorte (RGN, 1982, 17:237).

Tydens die onderhawige ondersoek is vasgestel dat deelname rakende kompetisiesport aan 26 tersiêre onderwysinrigtings, tans soos volg daaruit sien (PSA/1, 1983).

TABEL 10 PERSENTASIEDEELNAME RAKENDE KOMPETISIESPORT AAN TERSIêRE ONDERWYSINRIGTINGS IN DIE RSA

| Persentasie-deelname | Aantal inrigtings |
|---|---|
| 1. 0 - 10% | 2 |
| 2. 11 - 20% | 7 |
| 3. 21 - 30% | 3 |
| 4. 31 - 40% | 7 |
| 5. 41 - 50% | 3 |
| 6. 51 - 60% | 2 |
| 7 61 - 70% | 2 |

Negentien van die inrigtings wat by die ondersoek betrek is vertoon dus hoogstens 'n 40% deelname aan kompetisiesport, terwyl slegs sewe inrigtings 'n hoër deelnamesyfer het.

## 5.5.3 Sportdeelname in die Suid-Afrikaanse Magte

In die Magte word ruim voorsiening gemaak vir die beoefening van sport. Die sportsoorte rugby, sokker, tennis, atletiek en krieket trek die meeste deelnemers. Daar is definitiewe onderlinge verskille tussen die verskillende afdelings. By die polisie, die weermag en die gevangenisdiens is rugby die gewildste sportsoort, terwyl sokker, atletiek en rolbal

onderskeidelik tweede op die voorkeurlyste voorkom. Alhoewel muurbal in die polisiemag 'n belangrike fiksheidsbevorderende sportsoort is, word die waarde van die sportsoort oor die algemeen in die Magte onderwaardeer.

Oor die algemeen word sportgeriewe goed voorsien, alhoewel daar enkele tekorte is. Die grootste knelpunte sentreer egter om afrigting, die sielkundige voorbereiding en leiding aan deelnemers in veral atletiek, muurbal, pluimbal, tennis en sokker (RGN, 1982, 17:405).

5.5.4 Sportdeelname by plaaslike owerhede

Op plaaslike vlak bestaan die meeste deelnemers uit blankes (64,61%). Die swartes wat 68% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking verteenwoordig, beklee die tweede plek (27,29%). Die kleurlinge maak 3,75% en die Asiërs 1,19% van die totale deelnemertal uit (RGN, 1982, 17:257).

Die grootste verskeidenheid sportsoorte word binne blanke munisipale grense beoefen. Volgens die RGN-sportverslag (1982, 17:257) is hierdie verskynsel die gevolg van sosio-ekonomiese faktore wat tot gevolg het dat blankes meer tyd en geld tot hul beskikking het om aan sport deel te neem. 'n Groter hoeveelheid geriewe is ook tot die beskikking van blankes. Die feit dat meer blankes as enige van die ander bevolkingsgroepe aan sport deelneem, word aan kultu= rele- en ekonomiese faktore toegeskryf. Asiërs is by die kleinste verskeidenheid sportsoorte betrokke en neem ook die minste aan sport deel.

Duidelike onderlinge verskille rakende sportvoorkeure kom by die verskillende bevolkingsgroepe voor.

Sportdeelname en kwaliteit van lewe toon 'n noue verwantskap en gevolglik kan dit verwag word dat met die verbetering in die sosio-ekonomiese posisie van veral die swartes, kleurlinge en Asiërs, sportdeelname en die gepaardgaande behoefte aan geriewe en ander dienste sal styg.

Die voorkeure van die verskillende bevolkingsgroepe en ook die toenemende vraag na deelnamegeleentheid vir veral die swartes, kleurlinge en Asiërs, sal dus in die voorsiening van sport voortdurend in ag geneem moet word (RGN, 1982, 17:270).

### 5.5.5 Sportdeelname by privaatinstellings

Met betrekking tot sportdeelname by privaatinstellings is myne, fabrieke en ander instellings soos finansiële instellings, die boubedryf en semi-staatsinstellings nagevors.

In die privaatsektor is die mynbedryf die grootste voorsiener van sport en sportgeriewe. Sportdeelname is oor die algemeen egter laag alhoewel 'n verskeidenheid geriewe beskikbaar is (RGN, 1982, 17:276).

### 5.5.6 Sportdeelname in die RSA: ''n geheelbeeld

Blankes neem aan 'n groter verskeidenheid sportsoorte as enige van die ander drie bevolkingsgroepe deel, en dit blyk dat daar oorwegend aan slegs een sportsoort per individu

deelgeneem word. By die blankes, Asiërs en kleurlinge bereik sportdeelname 'n hoogtepunt tydens die skooljare, terwyl dit by swartes eers tussen 20- tot 24-jarige leeftyd voorkom. Volgens die RGN-sportverslag (1982, 17:285) hang hierdie verskynsel ten nouste saam met die beskikbaarheid van geriewe vir sportdeelname, die graad van verstedeliking en die gepaardgaande ekonomiese aktiwiteit waardeur geld vir sportdeelname beskikbaar kom.

Baie meer mense neem verder aan ontspanningsport as kompe= tisiesport deel. Dit blyk 'n logiese tendens te wees aange= sien minder deelnemers toppresteerders is en sportdeelname as rekreasiemiddel groot aftrek kry.

'n Verdere belangrike aspek wat tydens die RGN-sportondersoek (1982) na vore gekom het, is die feit dat die swartes 'n jong bevolking is (15,6% onder vierjarige ouderdom) terwyl die Asiërs (12,6%) en die kleurlinge (12,5%) ook jonger is as die blankes (met slegs 8,6% onder vyf jaar). Hierdie gegewens moet in gedagte gehou word wanneer beplan word vir sportvoorsiening in die toekoms (RGN, 1982, 17:304).

Die stedelike bevolking neem in verhouding meer aan sport deel as die inwoners van die landelike gebiede. Dit is veral die geval met betrekking tot die swartes wat nog nie in dieselfde mate as die blankes verstedelik het en vir wie daar relatief min sportgeriewe in die plattelandse gebiede beskikbaar is (RGN, 1982, 17:305). 'n Tekort aan sportafrigters in die plattelandse gebiede lei ook tot gebrekkige sportdeelname aangesien doeltreffende sportlei= ding ontbreek.

5.5.7 Sportdeelname en demografiese veranderlikes

'n Verskeidenheid faktore beïnvloed sportdeelname direk, byvoorbeeld geslag, ouderdom, sosio-ekonomiese status en graad van verstedeliking. Verder het die fertiliteits-, mortaliteits- en migrasietendense tot gevolg dat die ouderdomstrukture van bevolkings en gedeeltes van bevolkings aansienlik van mekaar verskil. In die geval van die Asiërs en veral die kleurlinge en swartes het 'n hoë fertiliteit en verminderende mortaliteit tot gevolg dat die bevolkings 'n jeugdiger ouderdomstruktuur het as die blankes waar die fertiliteit laag is (RGN, 1982, 17:326).

Die ouderdomstruktuur moet in gedagte gehou word aangesien sport grotendeels deur jongmense beoefen word. Die dalende neiging met betrekking tot fertiliteit wat ook by die nie-blanke bevolkingsgroepe voorkom, mag daartoe lei dat die voorsiening van sport in die toekoms op 'n ouer groep sportlui gerig sal moet word.

Soos in die geval van bevolkingsgroei, beïnvloed die sosio-ekonomiese ontwikkeling van mense ook sportdeelname. Wanneer die sosio-ekonomiese posisie verbeter, verander die lewenstyl en -waardes en gepaardgaande daarmee is ook meer geld, tyd en energie vir sportdeelname beskikbaar(RGN, 1982,17:328). Verstedeliking vorm ook deel van hierdie proses en dit bring mee dat groot eise met betrekking tot sportvoorsiening in die stedelike gebiede gestel word. Namate verstedeliking toeneem, sal die eise wat gestel word, ook vermeerder.

Verdere demografiese veranderlikes wat sportvoorsiening beïnvloed is dat Suid-Afrikaners meer aan ontspanning- as kompetisiesport deelneem (RGN, 1982, 17:331). Blankes neem ook meer deel as die ander bevolkingsgroepe en mans is in groter mate betrokke as dames. In die metropolitaan= se gebiede neem die Blankes meer aan ontspanning- as kompeti= siesport deel, terwyl Swartes in hierdie gebiede baie meer aan sport deelneem as die in ander gebiede. Genoemde tendense hou verband met sowel belangstelling en die beskikbaarheid van geriewe, as met die ouderdomskultuur van 'n bevolking in 'n gebied. Omdat veral die Kleurlinge en Swartes na verhouding minder aan kompetisie- en ontspanningsport deel= neem as die Blankes en Asiërs, sal ernstige oorweging ge= skenk moet word aan wyses waarop sportdeelname onder eers= genoemde twee bevolkingsgroepe vermeerder kan word.

### 5.5.8 RGN-sportverslagaanbevelings wat betrekking het op sportdeelname en afrigting (RGN, 1982,17:399-410).

- Sportnavorsing moet op 'n deurlopende basis onderneem word en hierdie navorsing moet gerig word op die voorsie= ning van besondere behoeftes.

  Hierdie aanbeveling het besondere waarde aangesien die besondere behoeftes van sportlui deur navorsing vasgestel kan word en oplossings dan daarvoor aangebied kan word.

- Die rol wat sport kan speel in die verbetering van gesondheid en die versterking van gesinsbande moet erken word en dit moet in gedagte gehou word wanneer

sportgeriewe beplan word.

Dit is belangrik dat 'n bevolking die waarde van sportdeel=name moet besef en erken. Alleen dan sal sport sy ware funksie in die gemeenskap kan vervul.

- Ernstige aandag moet aan die standaard van sportafrigting geskenk word en oorweging moet geskenk word aan die vas=stelling van minimumstandaarde waaraan alle sportafrig=ters moet voldoen voordat hulle by sportafrigting betrokke mag raak.

  Aangesien afrigting 'n bydrae kan lewer tot die sinvolle verloop van sportgebeure, is dit noodsaaklik dat die stan=daard van afrigting aan die nodige vereistes moet voldoen. Die vasstelling van minimumstandaarde vir sportafrigting sal bydra om sportlui te beskerm teen onverantwoorde afrigtingspraktyke.

- Ernstige aandag moet aan mediese dienste asook die kwali=teit van sielkundige voorbereiding, wat tot die beskikking van sportlui is, gegee word.

  Fisiologiese aspekte van sportbeoefening, veral sportbe=serings, asook psigologiese aspekte is baie belangrik.

- Ernstige aandag moet aan die standaard van sportafrigting in die skole gegee word.

- Ernstige aandag moet in die Magte aan die kwaliteit van sportafrigting en kwaliteit van sielkundige voorbereiding gegee word (RGN, 1982,17:406).

Die toppresteerders van die toekoms word in die skole en ook as gevolg van die dienspligstelsel, in die magte

aangetref. Aangesien die basis vir topprestasie reeds op 'n jeugdige ouderdom gevorm word, is hierdie twee aanbe= velings uiters waardevol.

- Ernstige oorweging moet geskenk word aan die samestelling en instandhouding van 'n sentrale register van sportlig= game, deelnemers en afrigters, deur 'n instelling wat oor die nodige infrastruktuur beskik.

'n Geordende sportafrigtingspraktyk bied die moontlikhede vir die volle ontwikkeling van die sportpotensiaal van almal wat by sportgebeure betrokke is.

## 5.6 DIE SPORTAFRIGTER

### 5.6.1 Inleiding

Amateursport maak grootliks staat op persone wat hulle dienste op vrywillige en onbesoldigde grondslag uit liefde vir die saak en ter wille van bevrediging aanbied (RGN, 1982, 11: 18). Hierdie dienste kan binne of buite werksverband gelewer word, of op amateur- of professionele basis. Sport in Suid-Afrika word tans oorwegend op vrywillige en amateurbasis bedryf.

### 5.6.2 Mannekrag vir sportafrigting

#### 5.6.2.1 Inleiding

Op die gebied van afrigting bestaan daar 'n tekort aan voltydse sportafrigters in byna alle sportsoorte. Die Direktoraat Sportbevordering van die Departement van Nasionale Opvoeding

is tans verantwoordelik vir die finansiering van een nasionale afrigter vir elk van die volgende sportsoorte: swem, stoei, vyfkamp, netbal, atletiek, gimnastiek en rugby (nege persone). Sewe persone word deur die Sportstigting van Suider-Afrika vir nasionale afrigting beskikbaar gestel in tennis, gimnastiek, atletiek, swem, sokker, netbal en hokkie (Putter, 1984).

As dit in ag geneem word dat hierdie sestien persone 'n skema vir nasionale afrigting moet bevorder en realiseer, word besef dat daar ernstige knelpunte met betrekking tot mannekrag= voorsiening in nasionale sportafrigting bestaan. Dit is egter belangrik om daarop te let dat as hierdie afrigters hulle kragte saamspan, dit 'n sterk kerngroep, wat sportafrig= ting in Suid-Afrika kan bevorder, sal vorm.

Kenmerkend van Suid-Afrikaanse sport is dat sportbestuurders (administrateurs, afrigters, skeidsregters en beamptes) dienste op 'n vrywillige, deeltydse en onbesoldigde basis aan sport lewer. Groot eise met betrekking tot tyd en arbeid word aan sportbestuurders gestel. Laasgenoemde lewer dienste ter wille van die liefde vir sport en nie om finansiële gewin nie (RGN, 1982, 8:263). Sonder hierdie hulp van vrywilligers sal sport nie kan funksioneer nie. Ook met betrekking tot sportafrigting sal Suid-Afrika vir die voorsiening in sy grootste behoeftes van vrywillige dienste, afhanklik bly. Talle individue lewer tans dienste in hulle vrye tyd en in privaathoedanigheid. Hulle kom hoofsaaklik uit die openbare sektor (Nel, 1983:12). Hierdie toedrag van sake sal voortduur solank as wat professionalisering in die sportafrigtingspraktyk nie 'n werklikheid is nie. Professionalisering, nie alleen wat die kwaliteit van afrigting betref nie, maar ook rakende die ontwikkeling van beroepsmoontlikhede, beroepsekuriteit

en besoldiging.

5.6.2.2 Nasionale sportbeheerliggame

Nasionale sportbeheerliggame is vir die uitvoering van sleutel=funksies byna geheel en al van die betrokkenheid van vrywil=lige mannekrag afhanklik (RGN, 1982, 11:27). Met betrekking tot afrigting en opleiding is die mannekraginsette tans 4,4% op voltydse basis, 1,8% deeltyds en 96,8% vrywillig. In die geval van reisende of besoekende afrigters lewer 1% vol=tyds diens, 5,1% deeltyds en 93,9% op vrywillige basis. Daar is dus van die professionele voorsiening met betrekking tot afrigting weinig sprake. Selfs al sou die voltydse manne=krag uitbrei, sal sport op nasionale vlak grootliks afhanklik wees van die insette van vrywilligers. Volgens die RGN-sportverslag (1982, 11:27) sal "meganismes dus gevind moet word om vrywillige mannekraginsette dinamies te stimuleer, byvoorbeeld deur geskikte aansporingsmeganismes".

Afrigters kan aangemoedig word om op vrywillige grondslag dienste aan sport te lewer deur:

- voorsiening te maak vir doeltreffende opleiding;
- status te verleen aan die persoon wat afrig;
- afrigtingsdienste by bevordering in ag te neem.

Wanneer sleutelfunksies en mannekragaanwending in ag geneem word, blyk dit dat volgens die persentasie manure (voltyds deeltyds en vrywillig) wat bestee word, 34,2% aan administrasie, 23,5% aan afrigting en opleiding en 22,0% aan die organisasie van sportbyeenkomste, bestee word (RGN, 1982, 11:30).

Sportafrigting is die sleutelfunksie wat by uitstek daartoe kan bydra dat die sportgebeure sinvol verloop. Tog word meer tyd aan administrasie as aan afrigting gewy.

5.6.2.3 Provinsiale sportliggame en sportklubs

In die geval van provinsiale sportliggame en sportklubs word ook oorwegend van vrywilligers gebruik gemaak. Die aanwending van mannekrag is in die geval van provinsiale sportliggame, soos by die nasionale liggame toegespits op administrasie (ongeveer 60%), die bywoning van opleidingskursusse (15,5%) en afrigting en opleiding (10,9%). By sportklubs is die mannekragaanwending as volg: 56,6% vir administratiewe-organi= satoriese dienste, 12,5% vir die instandhouding van sportfasi= liteite, 10,4% vir verversingsdienste en 8,5% vir afrigting en opleiding (RGN, 1982, 11:35).

Dit is ontstellend dat sportafrigting so laag op die priori= teitslys aangetref word.

Tydens die onderhawige ondersoek is vasgestel dat 68% van die nasionale sportliggame register hou van die afrigters wat op die verskillende vlakke van opleiding gekwalifiseer het. As gevolg van die feit dat daar egter baie sportsoorte is wat nie weet hoeveel afrigters in hulle sportsoorte afrig nie, kan die aantal persone wat in Suid-Afrika sport afrig nie vasgestel word nie. Hierdie toedrag van sake dui daarop dat die beheer van afrigters en afrigting onder die huidige Suid-Afrikaanse toestande nie moontlik is nie - en glad nie toegepas word nie.

#### 5.6.2.4 Plaaslike owerhede

By plaaslike owerhede is sport- en rekreasievoorsiening hoof=saaklik gerig op die voorsiening en instandhouding van geriewe. Plaaslike sportliggame hanteer aspekte soos sportbestuur, afrigting en opleiding. Veral met betrekking tot afrigting en opleiding lewer plaaslike owerhede 'n minimale bydrae naamlik net meer as 1% van die totale manure wat aan sport bestee word. Plaaslike owerhede behoort oortuig te word van die noodsaaklikheid van die beskikbaarstelling van professionele dienste, uitgesluit instandhouding van geriewe, met betrekking tot sportvoorsiening (RGN, 1982, 11:53). As gevolg van die huidige benadering ondervind plaaslike sportklubs ernstige probleme en vind daar nie voldoende skakeling plaas nie.

Veral die swart gemeenskappe ondervind 'n groot behoefte aan afrigters en instrukteurs om die standaard van afrigting te verhoog. Ook met betrekking tot professioneel opgeleide en voltydse mannekrag waaronder ook afrigters, bestaan groot behoeftes.

Dit is egter moontlik dat hierdie swart gemeenskappe as gevolg van 'n gebrekkige sportkultuur nog nie die waarde van sport=afrigting besef nie en gevolglik nie dieselfde afrigtingsbe=hoeftes as ander gemeenskappe het nie.

Plaaslike owerhede behoort as agent vir sport- en rekreasie=voorsiening, as 'n sleutelinset beskou te word. Dit raak veral die sportklubs wat die basis van Suid-Afrikaanse sport vorm.

5.6.2.5 Skole

Met betrekking tot mannekrag by skoolsport moet genoem word dat onderwysers in 'n hoë mate op vrywillige grondslag en sonder enige vergoeding dienste aan sport lewer.

Afrigting en opleiding asook funksies met betrekking tot reisen=de of besoekende afrigters en instrukteurs is van die sleutel=funksieterreine waarby onderwyspersoneel betrokke is..

Volgens die RGN-sportverslag (1982, 11:66) lewer meer mans as dames diens aan skoolsport: 34,1% van die totale manlike personeellede en 24,4% van die totale vroulike personeellede is naweke, saans of namiddae betrokke. Ongeveer een uit elke drie onderwysers is by dienslewering aan sport betrokke (RGN, 1982, 9:25). Aan afrigting word 15,7% van die mannekrag=eenhede bestee. Dit kan ook persone van buite die skool in=sluit. By skole vir Asiërs bied betrokkenes hulle dienste as onder andere afrigters op 'n vrywillige deeltydse basis aan. Onderwysers lewer dikwels in meer as een sportsoort en in meer as een hoedanigheid diens aan sport.

Blanke onderwysers is in 'n groter mate as anderkleuriges by dienslewering aan sport betrokke. Dit hou verband met die groter verskeidenheid sportsoorte wat beoefen word en die groter aantal blanke leerlinge wat aan sport deelneem (RGN, 1982, 11:73).

Sportafrigting by skole behels dienste soos afrigting, afrigters- en afrigtingskursusse, voorligting en die opleiding van sport=personeel.

Tydens die RGN-sportondersoek (1982) is vasgestel dat sportaf=rigting by 74,9% van die skole in die ondersoekgroep aangebied word, terwyl 18,5% dit nie as 'n funksieterrein aanvaar nie. By blanke skole word die meeste sportafrigting aangebied (92,1%) terwyl by die skole vir Asiërs (65,7%), kleurlinge (68,5%), swartes (74,3%) en privaatskole (68,4%) minder gedoen word. Hierdie verskynsel mag te wyte wees aan gebrekkige fondse of geriewe (RGN, 1982, 11:73).

Hier moet weer eens daarop gewys word dat die groter persenta=sie deelname en dienslewering by blanke skole aan 'n ryker sportkultuur van die blankes teenoor die ander bevolkingsgroepe toegeskryf kan word.

Die grootste getal onderwysers is op 'n deeltydse basis by sportafrigting betrokke. Sportafrigting word dus deur die onderwyskorps tydens werksure, of daarna, sonder vergoeding gedoen. Skole maak ook dikwels van afrigters buite skoolverband gebruik.

5.6.2.6 Tersiêre onderwysinrigtings

Sportburo's of sportkantore bestaan by die meeste tersiêre onderwysinrigtings. By sommige van hierdie inrigtings wat nie oor sportburo's of kantore beskik nie, word sportaktiwiteite egter deur die Liggaamlike Opvoedkunde-Departement behartig. Hierdie buro's of kantore beskik in 'n mindere of meerdere mate oor mannekrag wat op voltydse basis dienste aan sport lewer. Die aktiwiteite van hierdie buro's of kantore is gerig op prestasiesport, maar ook op die organisasie en bevordering van sport onder die studentemassa.

Volgens die RGN-sportondersoek (1982) word mannekrag vir afrig= ting by die universiteite en onderwyskolleges soms uit die voltydse personeel verkry. Hierdie individue rig dan tydens werksure af, of ook op 'n nauurse basis teen besoldiging. Volgens die gegewens wat beskikbaar gekom het, is 20,5% van die totale mannekrag betrokke by afrigting en opleiding. Slegs 3,2% van die bestaande mannekrag vir afrigting en oplei= ding lewer voltydse diens. Tersiêre onderwysinrigtings is in 'n sterk mate aangewese op óf deeltydse- óf vrywillige manne= krag. Die sportmannekrag wat benodig word, word aangevul deur individue van buite. Aangesien tersiêre onderwysinrigtings in 'n groot mate staatmaak op eie mannekragbronne (op 'n deeltydse en vrywillige grondslag) beteken dit dat dit onwaarskynlik is dat 'n universiteit of onderwyserskollege effektiewe sport= dienste aan die studente op hulle kampusse sal kan bied wanneer hierdie bronne nie doeltreffend geïmplimenteer kan word nie. Die voltydse sportmannekrag alleen is dus nie voldoende nie. Daar is dus ruimte vir die uitbouing van sportmannekrag by tersiêre onderwysinstellings (RGN, 1982, 11:92).

Tydens die onderhawige studie is vasgestel dat die afrigting= voorsiening by tersiêre inrigtings tans soos volg daaruitsien:

TABEL 11 AFRIGTINGSVOORSIENING AAN 19 TERSIêRE ONDERWYSINSTEL= LINGS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (PSA/2, 1983)

| * | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ** | | 4 | | 5 | 5 | | | | | | | | | 6 | 3 | | 2 | | 3 | 28 |
| *** | 122 | | 4 | 86 | 25 | 30 | 30 | 70 | 65 | 12 | 40 | 3 | 21 | | 15 | 7 | 6 | 3 | | 539 |
| **** | 122 | 4 | 4 | 91 | 30 | 30 | 30 | 70 | 65 | 12 | 40 | 3 | 21 | 6 | 18 | 7 | 8 | 3 | 3 | 567 |

*Verskillende inrigtings
** Voltyds
*** Deeltyds
**** Totale aantal afrigters per inrigting

Uit hierdie gegewens blyk dit duidelik dat die oorgrote meerder=heid afrigters aan tersiêre onderwysinrigtings op deeltydse grondslag by sportafrigting betrokke is (95,1% teenoor 4,9%). Twaalf van die inrigtings beskik glad nie oor voltydse afrigters nie, terwyl drie van die respondente laat weet het dat hulle nie oor deeltydse afrigters beskik nie.

Vir die beskikbare sportmannekrag aan universiteite en onderwys=kolleges, is 87% by blankes werksaam. Dit is dus logies om te veronderstel dat sport aan dié inrigtings meer as by die van die ander bevolkingsgroepe tot sy reg kan kom. Van die genoemde persentasie is 16,7% by afrigting en opleiding betrok=ke. By die ses Afrikaanse universiteite is 'n hoër mannekrag=besetting (63,7% van die totaal) as by die ander tien inrigtings (RGN, 1982, 11:96).

Dit is moontlik dat 'n groter aantal persone by die blanke inrigtings en ook by die Afrikaanse universiteite dienste aan sport lewer, omdat die prioriteitstand van sport daar hoër is as in die ander gevalle. Die studentegetalle aan blanke tersiêre onderwysinstellings is tans ook hoër as die by die inrigtings van die ander bevolkingsgroepe.
Hierdie twee faktore dra daartoe by dat die behoefte aan sport=mannekrag groter is.

Met betrekking tot die totale manure wat aan sport bestee is, het voltydse sportpersoneel 58,6% van die dienste gelewer, deeltydse personeel 17,4% en vrywilligers 24,0%. Die voltydse personeel bestee die meeste van hulle tyd aan administratiewe funksies (85,4%), terwyl verversingsdienste met 7,3% en sportaf=rigting met 6,8% veel laer op die prioriteitslys is. 'n Verkla=ring vir die tydsbesteding aan sportafrigting kan daarin

gevind word dat afrigting meestal ná klastyd in die middae plaasvind (RGN, 1982, 11:11).

In die geval van deeltydse mannekrag word 78,5% van die tyd wat aan sport bestee word, aan afrigting en opleiding gewy. Vrywilligers lewer 11% van die totale aantal manure waarin hulle dienste lewer aan afrigting en opleiding (71% aan die organisasie van sportkompetisies)(RGN, 1982, 11:97-98).

Dit is noodsaaklik dat mannekragbronne maksimaal ontgin word. Doeltreffende sportvoorsiening lê nie op die terrein van voltyd=se mannekrag alleen nie, maar laasgenoemde is noodsaaklik om die deeltydse en vrywillige mannekragkorps te mobiliseer.

Tersiêre opvoedkundige inrigtings beskik nie oor mannekrag om spesialiteitsdienste in sport na buite te lewer nie. Sport=institute aan universiteite behoort hiervoor voorsiening te maak (RGN, 1982, 11:100).

5.6.2.7 Die Suid-Afrikaanse Magte

In die Suid-Afrikaanse Magte (Weermag, Polisie en Gevangenis=wese) beklee fisieke aktiwitweite 'n belangrike plek. Massa=deelname en die gesonde beoefening van sport is belangriker as die prestasies van individue. Dit is tog belangrik dat almal aan kundige afrigters en sportbeamptes blootgestel word. In die Magte word hoofsaaklik van vrywillige (45,7%) en deel=tydse (44,0%) mannekrag gebruik gemaak. Net 10,3% van die sportmannekrag is voltyds in diens. Die deeltydse en vrywil=lige individue is hoofsaaklik instrukteurs.

Ongeveer 58% van die manure wat aan sport bestee word, word deur voltydse sportpersoneellede bestee en 27,3% word deur deeltydse personeel bestee. Van die totale tyd wat aan sport bestee word, word slegs 2,9% aan afrigting en 0,6% aan oplei=dingskursusse bestee. Die meeste tyd word aan ondersteunende dienste bestee, terwyl sleutelfunksies soos afrigting en oplei=ding in 'n groot mate verwaarloos word.

Volgens die RGN-sportverslag (1982, 11:108) is bevind dat "meer gespesialiseerde opleiding vir sportafrigters in die SA Magte van die grootste belang is ten einde sportafrigting op 'n meer professionele grondslag te plaas".

5.6.2.8 Groot sakeondernemings

Met betrekking tot groot sakeondernemings kan genoem word dat die groter myne al die afgelope twintig jaar 'n toenemende belangriker rol speel om sportaktiwiteite intern en ekstern te bevorder. Die swart mynwerkers wat in groot getalle naby die myne woon, word veral betrek. Ook verskeie groot nywerhede is betrokke by sportvoorsiening onder hulle eie werknemers (RGN, 1982, 11:111).

Onder die verskillende bevolkingsgroepe lewer swartes (61,6%) die meeste individue wat dienste aan sport lewer op, gevolg deur die blankes (33%). Kleurlinge (4,3%) en Asiërs (1,2%) vorm slegs 'n klein deel van die mannekrag wat by groot sakeon=dernemings dienste aan sport lewer. In die myne word dus grootliks staatgemaak op swart mannekrag om die sportvoorsiening aan die swart werkers uit te bou.

Soos in die ander sektore is sport ook hier grootliks aangewese op vrywillige en onbesoldigde mannekrag. Volgens die RGN-sportverslag, (1982, 11:113) behoort metodes gevind te word om die beskikbaarstelling van hierdie vrywillige werkers vir sport te stimuleer, soos byvoorbeeld deur doeltreffende aanspo=ringsmetodes. Behalwe die vrywilligers is daar ook diegene wat voltyds of deeltyds teen besoldiging diens lewer. Voltydse mannekrag lewer 83,2% van die totale manne aan sport, deeltydse mannekrag lewer 9,7% en vrywilligers 7,1%.

Onder die verskillende funksieterreine word slegs 4,7% van die mannekrag aan afrigting en opleiding afgestaan. Dit blyk dat groot sakeondernemings oorwegend die ondersteunende funksies (geriewe en verversingsdienste) as hulle verantwoordelikheid aanvaar, terwyl ander sleutelfunksies soos ook afrigting, opleiding en die aanbieding van sportkursusse aan deeltydse mannekrag en vrywilligers oorgelaat word. Dit blyk egter dat myne tans die leiding neem om meer betrokke te raak by sportvoorsiening aan hulle eie werksgemeenskap en veral aan die swart sportlui (RGN, 1982, 11:119).

5.6.3 Die kwalifikasies van sportafrigters

Omdat nasionale sportbeheerliggame hoofsaaklik van vrywillige onbesoldigde mannekrag gebruik maak, beteken dit dat eise wat aan opleiding gestel word, nie afgedwing kan word nie (RGN, 1982, 11:23).

Suid-Afrika het 'n agterstand teenoor lande wat met betrekking tot lewenstandaarde en die benadering tot sport, met Suid-Afrika vergelyk kan word, aangesien die meeste van hierdie

lande 'n ekstensiewe infrastruktuur vir sportopleiding het. As gevolg hiervan lei die sportmanne en -vroue skade wat die basiese afrigting betref. Dit word weerspieël in hulle presta= sies vergeleke met wêreldstandaarde (Nel, 1983: 12 ). Volgens Botha (1981:23) kom onkunde en verkeerde inoefeningsmetodes in die meeste sportsoorte algemeen voor en dit het tot gevolg dat Suid-Afrika se sportpotensiaal nie tot sy reg kom nie. Botha (1981:13) beweer verder dat tradisionele afrigtingsme= todes en die neiging om inligting slegs vir eie gebruik te reserveer, ontwikkeling belemmer en onverantwoordbare afrigtings= inhoude tot gevolg het. In die RGN-sportverslag (1983, 12:166-167) word die volgende feite rakende tien nasionale sportbeheer= liggame met betrekking tot opleiding weergegee:

- Negentig persent van die nasionale sportbeheerliggame het 'n tekort aan opgeleide afrigters.
- Veertig persent weet nie hoeveel afrigters by dienslewering in hulle sportsoort betrokke is nie.
- Opleidingskursusse wat tussen een en sewe dae duur, wissel van vlak tot vlak en sport tot sport.
- Negentig persent van die sportliggame maak voorsiening vir die opleiding van afrigters en 'n stelsel van eksamine= ring en gradering. Al hierdie sportsoorte ontvang finansiële steun vir die opleiding van afrigters.
- Veertig persent beskik oor afrigtershandleidings wat nie aan die nodige vereistes voldoen nie. By agt uit die tien sportsoorte kan afrigters afrig sonder dat hulle oor die nodige kwalifikasies beskik. Slegs 30% van die liggame bied verpligte opknappingskursusse aan.
- Slegs 14% ag dit noodsaaklik dat hul afrigters oor ampdraers= kwalifikasies beskik.

Tydens die onderhawige ondersoek (PSA/1, 1983) is vasgestel dat dertien (59%) van die 22 sportsoorte wat by die ondersoek betrek was, van voorgeskrewe sillabusse gebruik maak in die opleiding van afrigters. In twaalf uit 22 gevalle vind die eksaminering van sportafrigters plaas. By sewentien (77%) van die sportliggame word dit van die afrigters verwag om periodiek afrigterskursusse by te woon.

Die registrasie van voltydse, deeltydse en vrywillige afrigters deur die nasionale sportbeheerliggame is onbevredigend. Wanneer afrigters geregistreer moet word, moet sekere standaarde neerge=lê word, registers van die geregistreerde afrigters moet opge=stel en gereeld bygehou word en dit impliseer dat genoeg manne=krag beskikbaar moet wees. Tydens die onderhawige ondersoek (PSA/1, 1983) is vasgestel dat slegs in 45% van die gevalle die afrigters moet registreer. In die geval van 38 nasionale sportbeheerliggame wat op een of ander wyse die registrasie van afrigrigters behartig, sentreer hierdie registrasie om vrywillige onbesoldigde afrigters (RGN, 1982, 11:25 ). Slegs 31,7% (38) van die totale aantal nasionale sportbeheerliggame (120) het een of ander vorm van registrasie (RGN, 1982, 11: 25).

Die registrasie en gradering van afrigters is noodsaaklik indien 'n nasionale skema vir sportafrigters en sportafrigting daargestel moet word. Hiervoor sal egter voldoende mannekrag beskikbaar moet wees (RGN, 1982, 11:25).

Ook met betrekking tot formele sportopleiding word knelpunte wat die kwalifikasies van die sportafrigters nadelig beïnvloed, ervaar. In 'n ondersoek by sestien tersiêre opvoedkundige inrigtings het die volgende feite oor sportopleiding na vore

gekom (RGN, 1982, 12:169).

- Die inhoude van sportopleiding toon nie diepgang nie.
- Sewe van die inrigtings stel dit nie as vereiste vir die verwerwing van 'n graad of diploma nie, dat die kandidate as sportafrigters opgelei moet wees nie.
- By die nege inrigtings wat wel die laasgenoemde vereistes stel, is daar nie eenvormigheid nie.
- Slegs enkele inrigtings bied verpligte opleiding in sport=afrigting vir die gewone onderwysstudente aan. Die tyd wat hiervoor bestee word, is egter nie voldoende nie.
- Veertien inrigtings meen dat die spesialisering van sportaf=rigters nie gerealiseer kan word nie.
- Slegs ses departemente wat opleiding verskaf skakel vooraf met die betrokke sportliggame.
- Slegs drie inrigtings is van mening dat die afrigtingsop=leiding aan die vereistes van hedendaagse sportafrigting voldoen.
- Al die respondente was van mening dat Suid-Afrikaanse sport=afrigters nie voldoende toegerus is om aan die eise wat wetenskaplike sportafrigting stel, te voldoen nie.

Aangesien formele sportopleiding tans hoofsaaklik onderwysge=rig is, impliseer dit dat knelpunte in die formele opleiding 'n neerslag in die skoolafrigtingspraktyk sal hê. In hierdie verband word eise aan skoolafrigters gestel waaraan hulle nie kan voldoen nie en tydens die RGN-sportondersoek (1982) het respondente telkens verwys na probleemareas rakende gebrek=kige sportafrigting op skool (RGN. 1982, 11:66).

Die praktyk van vrywillige dienslewering aan sport geld ook vir die skool en dit plaas ook hier aansienlike beperkinge

op die vasstelling van standaarde waaraan skoolafrigters moet voldoen. Onkundigheid het 'n negatiewe uitwerking op die ge=halte van sportafrigting. Slegs 21% van die onderwysers aan Blanke skole, 3% aan Indiërskole, 6% aan Kleurling skole en 5% aan Swart skole (nasionale state uitgeslote) beskik oor 'n erkende kwalifikasie in sportafrigting. Daar bestaan dus ernstige knelpunte ten opsigte van opgeleide afrigters vir skoolsport (RGN, 1982, 11:66).

Meer as 50% van die onderwysers wat daagliks sport afrig beskik oor geen kwalifikasies om dit te kan doen nie. In die geval van Indiër-, Kleurling- en Swart skole is die persentasie nog hoër (RGN, 1982, 11:66).

Die geringe mate waartoe onderwysers vir sportafrigting opgelei is, skep probleme met betrekking tot kundige en verantwoorde=like sportafrigting.

Onderwysers wat sportafrigting waarneem sal of verplig moet word om aan sekere minimum standaarde te voldoen, of kundiges buite skoolverband sal in 'n groter mate betrek moet word (RGN, 1982, 11:77).

Sportdeelname en sportprestasies in Suid-Afrika kan nadelig beïnvloed word deur 'n tekort aan opgeleide mannekrag in skool=sport. Botha (1981:20) beweer dat daar met betrekking tot sportafrigting baie skade aan die kind berokken word as gevolg van onkunde aan die kant van die meerderheid van die onderwysers. Die kind se eerste kontak met georganiseerde sport vind in die skool plaas en dit is hier waar 'n positiewe gesindheid teenoor sportdeelname gekweek moet word (RGN, 1982, 11:58).

Dit is ook belangrik dat die basiese sportvaardighede korrek aangeleer moet word.

Aangesien sport 'n belangrike plek in die Suid-Afrikaanse skole beklee, en aangesien dit beskou word as 'n unieke opvoe= dingsmedium is dit belangrik dat die kundigheid waarmee sport hanteer word vergelykbaar sal wees met die kundigheid in die klaskamer (RGN, 1982, 11:85).

Universiteite en onderwysopleidingskolleges stel redelike hoë eise aan die kwalifikasies van diegene wat dienste aan sport lewer. Hierdie tersiêre onderwysinrigtings ag in 66,7% van die gevalle 'n kwalifikasie in Liggaamlike Opvoedkunde belangrik, terwyl 8,3% opleiding in sportafrigting en sportor= ganisasie as belangrik ag (RGN, 1982, 11:96).

In die Magte (Suid-Afrikaanse Weermag, Suid-Afrikaanse Polisie en Suid-Afrikaanse Gevangeniswese) word deur 82% van die klubs geen kwalifikasies vir dienslewering aan sport gestel nie. Byna 6% vereis 'n toepaslike diploma en 9,5% 'n toepaslike graad (RGN, 1982, 11:101). Indiensopleiding vind wel plaas. Instruk= teurs word vir dienslewering aan sport opgelei, maar die klem val eerder op militêre aspekte as sportafrigting op sigself. Ongeveer die helfte van diegene wat diens lewer aan sport beskik tans oor een of ander sportkwalifikasie.

Groot sakeondernemings stel relatiewe lae vereistes aan die kwalifikasies van diegene wat by sportdienslewering betrokke is. Meer as 55% aanvaar matriek of 'n laer skoolsertifikaat as voldoende. Een-en-veertig persent stel geen eise nie -

slegs 'n bereidwilligheid om diens te lewer (RGN, 1982, 11:113).

As die belangrikheid van sportafrigting vir die sinvolle verloop van die sportgebeure in ag geneem word, kan dit nouliks begryp word waarom so min aandag aan die kwalifikasies van sportaf= rigters geskenk word.

5.6.4 Beroepsmoontlikhede vir sportafrigters

Die opname van die RGN-sportondersoek (1982) onder nasionale sportbeheerliggame, provinsiale sportliggame, sportklubs, skole, tersiêre onderwysinrigtings, sportliggame van die Magte en van groot sakeondernemings het getoon dat groot be= hoeftes aan onder andere opgeleide afrigters bestaan. Dit het ook aanleiding gegee tot die aanbevelings dat 'n nasio= nale skema vir afrigting geloods moet word (RGN, 1982, 1:85).

Rakende die swart en kleurlingbevolkingsgroepe neem die onder= voorsiening van geskikte opgeleide sportmannekrag bykans kri= sisafmetings aan (Scholtz, 1983(b):79).

Die volgende instansies bied loopbaan- en werkgeleenthede vir opgeleide sportkundiges (Scholtz, 1983: 79).

- Skole: Dit kan aanvullend tot Liggaamlike Opvoeding of as 'n aparte vak aangebied word: daar bestaan 'n groot behoef= te met vaste werkgeleenthede.
- Tersiêre onderwysinstellings: As personeel in sportkantore, sportburo's of sportinstitute: 'n redelike groot behoefte met vaste of deeltydse werkgeleenthede.

- Nasionale en provinsiale sportliggame en sportklubs
  As nasionale, provinsiale of klubafrigters, administrateurs of skeidsregters: hier bestaan 'n groot behoefte, maar die beskikbare werksgeleenthede is ontoereikend.

- Myne en groot nywerhede. As sportbeamptes en afrigters: 'n groot behoefte met redelike beskikbare werkgeleenthede op 'n voltydse of deeltydse basis.

- Magte (Weermag, Polisie, Gevangenisse). As instrukteur of sportoffisier: 'n groot behoefte met beperkte werkgeleen=hede op 'n vaste of deeltydse basis.

Byna alle instansies wat verantwoordelikheid vir sportvoorsie=ning aanvaar, ondervind 'n groot behoefte aan opgeleide sportkun=diges, waaronder ook afrigters (Scholtz, 1983b:80).

In die geheel gesien is die grootste behoefte op skoolvlak aan afrigters vir atletiek, netbal, tennis, rugby en sokker. Die skole van die verskillende onderwysdepartemente verskil met betrekking tot hulle behoeftes. By swart skole is die grootste behoefte aan afrigters in sokker, netbal en atletiek, terwyl dit by Indiërskole sokker, netbal en krieket is. By blankes is die rangorde van behoeftes atletiek, tennis, rugby en netbal en by kleurlinge netbal, atletiek en sokker (RGN, 1982, 8:104). Die sportsoorte waar die grootste behoefte aan opgeleide afrigters bestaan, is ook die sportsoorte waaraan die skoliere die meeste deelneem (RGN, 1982, 11:82).

Daar bestaan ook by skole 'n groot behoefte aan voltydse afrig=ters. Laasgenoemdes kan die probleme van afrigting op skoolvlak in 'n groot mate oplos. Die grootste behoefte aan voltydse afrigters bestaan in atletiek en netbal.

Die aantal afrigters wat aan tersiêre onderwysinstellings* by afrigting betrokke is beloop tans soos volg: Voltyds 28 en op deeltydse basis 67 (PSA/2, 1983). Die aansien van hier= die afrigters in die gemeenskap hang dikwels saam met die sportsoorte wat hulle afrig, maar oor die algemeen is dit gemiddeld (by tien inrigtings) en in een geval is dit baie hoog. In vier gevalle is dit baie laag, terwyl die aansien van afrigters by vyf inrigtings tussen gemiddeld en goed geskat word en by vier ander tussen gemiddeld en laag. Die sekuriteit in die aanstelling wissel oorwegend van gemiddeld tot min (PSA/2, 1983).

Tydens die onderhawige ondersoek is respondente wat namens 23 nasionale sportliggame vraelyste PSA/1 (1983) beantwoord het, gevra om met betrekking tot verskeie aspekte rakende die status van sportafrigters in hulle sportsoorte, vrae op 'n vyfpuntskaal te beantwoord.

'n Samevatting van die respons word kortliks as volg weergegee:

TABEL 12 DIE BEROEPSMOONTLIKHEDE EN BEROEPSSEKURITEIT VAN SPORTAFRIGTERS BY NASIONALE SPORTLIGGAME, SOOS AANGEDUI OP 'N 5-PUNTSKAAL (PSA/1, 1983)

| | Goed 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | Swak 0 | Nie beantwoord |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Beroepsmoontlikhede | 2 | 2 | 4 | 1 | 6 | 6 | 2 |
| Beroepsekuriteit | 2 | 2 | 3 | 2 | 6 | 6 | 2 |

In elf van die 23 sportsoorte wat ondersoek is, is nasionale afrigters vir bepaalde sportsoorte aangestel. Die aard

* Die inrigtings wat by die onderhawige ondersoek betrek is

van die aanstellings wissel egter, aangesien dit in sommige gevalle 'n ere-aanstelling is, terwyl die afrigters in ander gevalle besoldig word.

In verskeie sportsoorte bestaan tans wel die moontlikhede om in sportafrigting 'n voltydse beroep te volg. Sportsoorte wat tans hierdie geleenthede bied is onder andere swem en tennis. Met betrekking tot tennis kan genoem word dat 500 gekwalifiseerde professionele tennisafrigters tans by die Suid-Afrikaanse Tennisafrigtersvereniging geregistreer is (SATU, 1983). Ongeveer 250 van hierdie persone is voltydse afrigters wat salarisse verdien wat goed met die van die onderwys vergelyk (Hudson, 1983).

Daarteenoor is atletiek ook aktief besig met die opleiding en registrasie van afrigters. Die gekwalifiseerde afrigters en die items waarin hulle opgelei is, word noukeurig op datum gehou (SAAAU,1983(c)). Daar bestaan egter in Suid-Afrika tans nie afrigters wat onafhanklik van instansies soos byvoorbeeld die Sportstigting van Suider-Afrika of tersiêre opvoedkunde-inrigtings, voltyds professioneel atletiek afrig nie (Rauten=bach, 1983).

Alhoewel daar by bykans alle instansies wat verantwoordelikheid aanvaar vir sportvoorsiening, 'n groot behoefte bestaan vir opgeleide afrigters,is deeltydse indiensnemings-geleenthede skraal

5.6.5 Die besoldiging van sportafrigters

Sedert die ontstaan van georganiseerde sport in Suid-Afrika moes nasionale sportbeheerliggame met hulle geaffilieerde

lede steun op vrywillige mannekrag wat hulle dienste sonder finansiële besoldiging aan sport beskikbaar gestel het. Vol= gens die RGN-sportverslag (1982,11:124) is bevind dat hierdie vrywilligers steeds onontbeerlik is vir toekomstige nasionale sportvoorsiening. In hierdie verband stel Botha (1981:114) dit ook dat "die vrywillige sportafrigter en -leier steeds die vernaamste rol in Suid-Afrikaanse sport sal speel". Voor= siening uit dié bron moet so ver moontlik aangemoedig word, want as voorsiening uit hierdie primêre bron opdroog, is profes= sionalisme sport se voorland (RGN, 1982, 11:124).

Die nasionale sportbeheerliggame is vir tot selfs 90% van hulle mannekrag van onbesoldigde vrywillige individue afhanklik, terwyl ongeveer 6% vir deeltydse diens besoldig word en voltydse besoldigde mannekrag ongeveer 4% beloop (RGN, 1982, 11:18).

Volgens vraelys PSA/1 (1983), het die respondente die besoldi= ging van afrigters in hulle besondere sportsoorte as volg op 'n vyfpuntskaal aangegee:*

* Die betroubaarheid van die gegewens word in enkele gevalle in twyfel getrek aangesien in 'n besondere geval aangedui is dat die afrigters geen besoldiging van enige aard ontvang nie, terwyl die praktyk die teendeel bewys het.

TABEL 13 DIE BESOLDIGING VAN SPORTAFRIGTERS SOOS DIT DEUR RESPONDENTE VAN NASIONALE LIGGAME OP 'N 5-PUNTSKAAL AANGEDUI IS (PSA/1, 1983)

| | Goed 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | Swak 0 | Nie beantwoord | Nie van toe=passing |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voltydse afrigting | | 4 | 3 | 1 | 2 | 2 | 2 | 9 |
| Deeltydse afrigting | 4 | 4 | 2 | 3 | 2 | | 2 | 6 |
| Periodieke afrigting | 3 | 2 | 5 | 2 | 1 | | 3 | 7 |
| Honoraria | | | 5 | 4 | 1 | 1 | 3 | 7 |

Tydens die onderhawige ondersoek is vasgestel dat in sommige sportsoorte waar afrigting as 'n voltydse beroep moontlik is, die voltydse afrigters, salarisse wat met ander beroepe van onge=veer gelyke omvang vergelyk kan word, verdien.

By tersiêre onderwysinstellings is daar onder 31 instel=lings wat ondersoek is, 28 voltydse afrigters werksaam en daar kan aanvaar word dat hulle volgens die vasgestelde salarisse van hulle inrigting besoldig word. Die besoldiging van deeltydse afrigters word in tabel 13 weergegee. Volgens die respondente wat die betrokke vraelys ingevul het, is die besoldiging wat die afrigters op alle vlakke van betrokkenheid ontvang hoofsaaklik gemiddeld, terwyl honoraria op die 5 puntskaal hoër aangeslaan word as gewone vergoeding (PSA/1, 1983).

Onderwysers ontvang slegs by hoë uitsondering vergoeding vir dienste wat hulle binne skoolverband aan sport lewer. Slegs

nege uit 991 respondente (0,9%)* het aangetoon dat hulle enige vergoeding ontvang (RGN, 1982, 8:144). Onderwysers en skoolhoofde meen egter dat die onderwysberoep 'n vorm van vergoeding vir die onderwyser se aandeel aan skoolsport moet oorweeg (RGN, 1982, 8:144).

Van die nege onderwysers uit die genoemde ondersoekgroep wat wel vergoeding ontvang het, het sewe die omvang van die vergoeding aangedui. Dit wissel van R40,00 tot R2 000,00 per jaar. Vyf van hierdie besoldigdes is Blankes, terwyl daar verder een Kleurling en een Asiër is (RGN, 1982, 8:145).

Omdat gebrekkige sportopleiding 'n knelpunt in skoolsport is, sal bepaalde minimum standaarde met betrekking tot die afrigters= kwalifikasies van onderwysers en buite-afrigters vasgestel moet word. Wanneer hierdie minimum standaarde vasgelê is en onderwysers daaraan voldoen het, impliseer dit dat ooreenkomstige vergoeding aan die betrokkenes as 'n billike vereiste gesien kan word (RGN, 1982, 8:144).

Onderwysers lewer tans gemiddeld tien uur per week dienste aan sport, waarvoor hulle hoofsaaklik geen vergoeding ontvang nie (RGN, 1982, 8:144). Skoolhoofde dink dat die onderwysers wel vir hierdie dienste vergoed moet word. Die vergunning is egter reeds toegestaan dat blanke onderwysers vir hulle lopende uitgawes aan sport uit 'n skoolfonds of trustfonds, indien die betrokke skoolhoof dit goedkeur en die betrokke middele beskikbaar is, vergoed kan word. As gevolg van hierdie vergunning is dit moontlik

* In die RGN-sportverslag (1982, 11:61) word 'n persentasie van 94 aangegee van diegene wat nie besoldig word nie

dat vermoënde skole die beste afrigters vir bepaalde sportsoorte na hulle skole kan trek. Sakeondernemings kan ook fondse hier=voor aan skole beskikbaar stel. Die verkryging van addisionele fondse vir sportafrigting, berus by 'n betrokke hoof en die beheerkomitee van die skool. Volgens die RGN-sportverslag (1982, 8:293) open hierdie vergunning die deur vir "sportskole" in dié sin dat skole wat in bepaalde sportsoorte wil spesiali=seer, spesialiteitsafrigting in 'n sportsoort kan aanbied.

Finansiële besoldiging moet egter nie as die enigste vorm van vergoeding beskou word nie. Intrinsieke beloning is eie aan dienslewering aan sport. Onderwysers van alle bevol=kingsgroepe wat tydens die RGN-sportondersoek (1982) ondervra is, was dit eens dat die kontak met die kinders op die sport=veld ook die kontak en verhoudinge in die klas verbeter het. Ten spyte hiervan moet gestel word dat onderwysers wat diens aan sport lewer, 'n werksweek van meer as 50 uur per week moet hanteer en dit sonder addisionele finansiële vergoeding. Volgens die RGN-sportverslag, 1982 (8:295) is dit "'n praktyk wat vreemd is aan professionele kodes in ander professies".

Dienslewering aan skoolsport verskil van dienslewering aan sport op ander vlakke in die opsig dat die onderwysers "vrywil=lig verplig" word om in hulle normale werksopdrag sportafrigting as addisionele opdrag te aanvaar. Alhoewel lede van die aka=demiese personeel aan tersiêre inrigtings by sportafrigting betrek word, is dit nie so direk gekoppel aan die akademiese werksopdrag nie.

Tydens die RGN-sportondersoek (1982) is vasgestel dat die oorgrote meerderheid van diegene wat op alle vlakke dienste aan sport lewer dit doen uit liefde vir sport (93,2%). Die begeerte om aan sport terug te gee wat daaruit ontvang is, is ook 'n belangrike oorsaak tot dienslewering (80,9%). Verdere oorsake vir dienslewering is ter wille van rekreasie en aflei= ding (80,9%), as deel van 'n lewenswyse (76,7%), as 'n motief om aktief besig te wees (71,8%), as deel van 'n sosiale leefwyse (59,4%) en laaste van almal die motief om ekstra inkomste te verdien (6,2%)(RGN, 1982, 8:270). Intrinsieke gemotiveerd= heid skyn dus belangriker te wees as eksterne motivering.

## 5.7 DIE FINANSIERING VAN SPORTAFRIGTING

Volgens die RGN-sportverslag (1982,9:93) wil dit voorkom asof die kern van die probleem met betrekking tot sportfinansiering in Suid-Afrika by die beskikbaarheid van fondse vir bepaalde prioriteitesdoeleindes soos administrasie en finansiële hulp aan sportbeamptes gevind kan word. Dit verteenwoordig egter slegs 'n gedeelte van die totale sportvraagstuk in Suid-Afrika. Die feit dat finansiële middele vanaf individue en klubs na provinsiale en nasionale liggame vloei, skep probleme omdat die beheerliggame hulle effektiewe beheer oor geaffilieerde lede ontneem word en daarmee saam ook in onvermoë is om hulle betrokke sportsoort van die hoogste gesag na die laagste te bevorder (RGN, 1982, 9:94). Daar bestaan verder 'n groot tekort aan administratiewe infrastrukture en as gevolg van gebrekkige finansies kan sportliggame nie op alle vlakke voltydse of deeltydse administrateurs betrek nie.

Privaat persone en klubs dra meer as 75% van die totale lopende uitgawes van sport by. Sportlui wat in die Republiek dienste aan sport lewer het bykans dieselfde bedrag (R24 miljoen) as die plaaslike owerhede (R25,1 miljoen) aan lopende uitgawes aan sport bestee. Die hoë bedrag wat deur hierdie sportlui bestee word, dui op die gebrekkige finansiële steun wat hulle vir hulle dienste ontvang. Meer as R18 miljoen (75%) is vir lopende uitgawes (reis- en verblyfkostes en sporttoerusting) betaal. Sport op alle vlakke ondervind druk omdat baie sportlui nie meer bereid is om op vrywillige of deeltydse basis sport teen eie koste te bevorder nie. Om hulle kennis en ervaring te behou moet hierdie persone (afrigters, skeidsregters en baan=beamptes byvoorbeeld) finansieel gesteun word met betrekking tot uitgawes soos reiskostes, kleredrag en toerusting (RGN, 1982, 9:92).

Volgens die bestedingspatrone van die teikengroepe volgens soort uitgawe, blyk dit dat bestedings aan sportopleiding deurgaans relatief laag is (RGN, 1982, 9:92). Die persentasie=verspreiding van die lopende uitgawes van die sentrale regering volgens sportuitgawes 1979/80, weerspieël die feit dat geld nie tot die beste voordeel van sport bestee word nie. Die hoeveelheid geld wat nog by die sportlui uitkom is te min en die rasionalisering van uitgawes is nodig (Nel, 1982). Ongeveer 74% van die totale besteding is aan salarisse en lone uitbetaal, 2.9% aan reis- en verblyfkoste, 2,1% aan admi=nistratiewe uitgawes, 1.3% aan ander uitgawes en 18,9% aan sportliggame vir eie bestuur.

Fondse wat deur die sentrale regering aan sportopleiding en -afrigting toegeken word, word via die Departement van Nasionale Opvoeding, Direktoraat Sportbevordering, aan nasionale en

provinsiale sportliggame beskikbaar gestel. Projekte waarvoor die nasionale of provinsiale sportliggame by die genoemde Direktoraat Sportbevordering op sentrale vlak (nasionale ligga= me) of streeksvlak (provinsiale liggame) jaarliks kan aansoek doen om 'n hulptoekenning, is:

- Nasionale- en provinsiale afrigterskursusse of klinieke.
- Nasionale- en provinsiale deelnemerskursusse of klinieke vir juniors of seniors.
- Nasionale- en provinsiale beamptekursusse/klinieke.
- Nasionale- en provinsiale administrateurskursusse.
- Apparaat (maar nie persoonlike toerusting nie)(Verster, 1983:2).

Die Departement van Nasionale Opvoeding, Direktoraat Sportbe= vordering, bewillig dus geld aan nasionale- en provinsiale sportliggame vir afrigters- en afrigtingskursusse.

Verder word bystand ook aan sekere nasionale sportbeheerliggame verleen, sodat nasionale afrigters voltyds in diens geneem kan word.

In die meeste gevalle moet inrigtings en instansies egter afrigters en afrigting uit eie bronne finansier Dit geld ook vir klubs, provinsiale en nasionale liggame.

## 5.8 DIE BESKIKBAARSTELLING VAN INLIGTING AAN DIE SPORTAFRIGTER

Die aard van sportinligting kan in drie kategorieë geklassifi= seer word, naamlik populêre, tegniese en navorsingspublikasies.

Die hoofdoel van populêre publikasies is om ontspanning te verskaf. Tegniese publikasies bevat inligting wat vir die persoon wat by sport betrokke is, nuttig is. Hieronder skakel ook inligting wat op sportafrigting betrekking het. Hierdie inligting word gewoonlik deur vakkundiges of semi-vakkundiges beskikbaar gestel. Navorsingspublikasies is gegrond op resente wetenskaplike navorsing.

Verskeie instansies dra by tot die voorsiening van sportinlig= ting naamlik die media, sportliggame, navorsingsinstellings, opvoedkundige instellings, private sakeondernemings en private individue (RGN, 1982, 1:53). Hierdie voorsiening geskied egter ongekoördineerd, fragmentaries en dikwels onvolledig. Volgens die RGN-sportverslag (1982, 1:53) bestaan daar 'n duide= like behoefte aan 'n sentrale voorsieningstruktuur met as funk= sies die versameling, bevordering, sistematisering, ontsluiting en uiteindelik die verspreiding of voorsiening van relevante sportinligting. Daar bestaan tans oorwegend geen korrelasie tussen die behoeftes van die gebruikers van sportinligting en die omvang en aard van die inligting wat voorsien word nie.

Die meeste van die tekortkominge rakende sportdokumentasie en die voorsiening van sportinligting kan gewyt word aan die gebrek aan 'n enkele nasionale struktuur wat verantwoordelikheid aanvaar vir sportdokumentasie en die voorsiening van sportin= ligting. So 'n voorsieningstruktuur is absoluut noodsaaklik om optimale voorsiening van sportinligting te realiseer (RGN, 1982, 1:57). Die RGN-sportondersoek (1982) het verder aangetoon dat vir Suid-Afrika met sy groot heterogeniteit van bevolkings= groepe en tale, asook die gefragmenteerdheid in die huidige voorsiening, so 'n voorsieningstruktuur onmisbaar is, tensy

"met die huidige onbevredigende situasie volstaan wil word, wat nie in belang van sport en die gemeenskap geag word nie" (RGN, 1982, 1:58).

Tydens die onderhawige ondersoek (PSA/2, 1983) is vasgestel dat slegs vier tersiêre inrigtings tans oor 'n afrigtingstydskrif beskik, maar dat 87% (27 uit 31 inrigtings) 'n afrigtingstydskrif wat in besonder gerig is op afrigtingsaspekte wat op tersiêre inrigtings betrekking het, sou verwelkom.

## 5.9 FAKTORE WAT DIE VOORSIENING VAN SPORTAFRIGTING IN DIE TOEKOMS KAN BEÏNVLOED

Tydens die RGN-sportondersoek (1982, 18:6) is sekere realiteite en tendense waarmee rekening gehou moet word in die beplanning vir optimale sportvoorsiening in die toekoms, uitgelig.

Een van die knellendste probleme in Suid-Afrika sentreer rondom sportgeriewe en in die verband veral die voorsiening, finansie=ring, kwaliteit, toeganklikheid, benutting en bestuur van sodanige geriewe (RGN, 1982, 18:6).

Die voorsiening van sportgeriewe hang nou saam met die voorsie=ning van sportafrigting. Laasgenoemde kan nie effektief plaas=vind as die nodige geriewe ontbreek nie en die geriewe sal ook nie ten volle benut kan word as doeltreffende afrigting nie beskikbaar is om die deelname sinvol te maak nie. Omdat die twee belangrike aangeleenthede van sportvoorsiening so nou verbonde is, is die faktore wat in gedagte gehou moet word in die optimalisering van sportgeriewe ook van toepas=sing wanneer die optimalisering van sportafrigtingsvoorsiening nagestreef word.

Bepaalde demografiese tendense speel in hierdie verband 'n rol.

### 5.9.1 Bevolkingsamestelling en groei

Wanneer die bevolkingsamestelling van 1980 (laaste sensusop= gawe) en die verwagte samestelling in die jaar 2000 teenoor mekaar gestel word, blyk dit dat daar as gevolg van diffe= rensiële fertiliteit en mortaliteit aansienlike veranderings sal wees. Veral die Blankes, Kleurlinge en Asiërs se relatiewe aandeel sal aansienlik afneem, teenoor 'n toenemende vergroting van die swartkomponent (RGN, 1982, 18:7).

Die Blankes wat tans die tweede grootste enkele bevolkings= groep is, groei die stadigste en is vinnig op pad na zero= groei. Addisionele sportvoorsiening in die geval sal dus eerder deur bevolkingsherverspreiding (verstedeliking) as bevolkingsgroei beïnvloed word. As gevolg van die afname in geboortes sal eerder voorsiening gemaak word vir die behoeftes van ouer sportlui; sportsoorte soos rolbal, tennis, gholf, muurbal, pretdraf en gesistematiseerde oefening asook vir toeskouers, eerder as in die behoeftes van kinders en jonger deelnemers oor die algemeen.

As gevolg van die differensiële ouderdomstrukture van die vier bevolkingsgroepe lei dit tot differensiële sportbehoef= tes en sportgeriewe onder die verskillende bevolkingsgroepe. Aangesien dalende fertiliteitstendense tans ook onder die Asiërs, Kleurlinge en Swartes voorkom, mag dit wees dat hulle sportbehoeftes ook in die toekoms sal verander.

Tans toon die Kleurlinge en Swartes beide eienskappe van 'n jeugdige bevolking. Van die swart bevolkingsgroepe is 40% onder die ouderdom van veertien jaar, terwyl 38,3% van die Kleurlinge onder veertien jaar oud is. By die Blankes val slegs 27,7% in die ouderdomsgroep onder veertien jaar. Hierdie feite beklemtoon die noodsaaklikheid dat daar veral voorsiening gemaak sal moet word vir die sportbehoeftes van die jeug en veral die skoolgaande jeug van die Swart- en Kleurlingbevolkingsgroepe (RGN, 1982, 18:9). Deelname aan sport is in 'n groot mate 'n jeugverskynsel sodanig dat ongeveer vyftig persent van alle sportdeelnemers in die RSA jonger as 20 jaar is.

Volgens toekomsprojeksies tot en met die jaar 2000, behoort daar 'n groot toename in die aantal sportdeelnemers (tussen 50 000 en 60 000 per jaar) te wees. Daar sal dus jaarliks voorsiening gemaak moet word vir tussen 1,44% en 1,75% meer deelnemers. Veral die swart sportlui sal teen 'n baie hoë tempo toeneem (ongeveer 2,5% per jaar) terwyl die groei in die getal Blanke sportdeelnemers betreklik gering sal wees (tussen 0,3% en 1% jaarliks). Die Kleurlinge sal na raming jaarliks met ongeveer 1,41% en die Asiërs met 1,03% van die bevolking, meer aan sport deelneem.

Toekomsbeplanning vir sportvoorsiening moet ook deeglik rekening hou met sportdeelnamevoorkeurpatrone. Die verskille tussen die deelnamevoorkeure van mans en dames, asook tussen die verskillende bevolkingsgroepe moet in ag geneem word. Oor die algemeen blyk dit dat individuele sportsoorte voorkeur kry namate leeftyd toeneem. Dit is 'n tendens wat oor die algemeen veral by Blankes en by vroue van al die bevolkingsgroepe voorkom.

Die volgende tabel gee die vyf gewildste sportsoorte wat deur mans en dames van verskillende ouderdomsgroepe in die verskil= lende bevolkingsgroepe beoefen word.

TABEL 14 DIE VYF GEWILDSTE SPORTSOORTE WAARAAN DEELGENEEM WORD, 1980-PATROON (RGN, 1982, 18:12-13)

| Kategorie | Rangorde volgens gewildheid | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| ASIëRS | | | | | |
| Mans | | | | | |
| 18-30j. | Sokker | Tennis | Swem | Muurbal/ Tafelten= nis | Krieket |
| 31-49j. | Sokker | Krieket | Swem | Tennis | Veerpyl= tjiegooi |
| 50-64j. | Gholf | - | - | - | - |
| TOTAAL | Sokker | Tennis | Swem | Krieket | Tafelten= nis |
| Vroue | | | | | |
| 18-30j. | Netbal | Tennis | Vlugbal | Atletiek Muurbal/ Swem | Pluimbal |
| 31-49j. | Swem | Netbal/ Tennis | Vlugbal | - | Pluimbal |
| 50-64j. | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | | | | | |
| BLANKES | | | | | |
| Mans | | | | | |
| 18-30j. | Muurbal | Rugby | Tennis | Gholf | Krieket |
| 31-49j. | Tennis | Muurbal | Gholf | Swem | Krieket Veerpyl= tjiegooi |

Tabel 14 (vervolg)

| Kategorie | Rangorde volgens gewildheid | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| BLANKES | | | | | |
| Mans | | | | | |
| 50-64j. | Rolbal | Tennis | Swem | Gholf/ Rotshengel Skaak | Pistool= skiet/ Snoeker/ Tafelten= nis/Veer= pyltjie= gooi |
| TOTAAL | Muurbal | Tennis | Gholf | Rugby | Swem |
| Vroue | | | | | |
| 18-30j. | Muurbal | Tennis | Swem | Pluimbal | Netbal |
| 31-49j. | Tennis | Swem | Muurbal | Pluimbal | Rolbal |
| 50-64j. | Rolbal | Tennis | Swem | Gholf/ Muurbal/ Pistool= skiet | |
| TOTAAL | Tennis | Swem | Muurbal | Rolbal | |
| KLEURLINGE | | | | | |
| Mans | | | | | |
| 18-30j. | Sokker | Rugby | Krieket | Tafeltennis | Tennis |
| 31-49j. | Krieket/ Sokker | Tennis | Rugby | Tafeltennis | Swem |
| 50-64j. | Tennis/ Sokker | Veerpyl= tjiegooi | | | |
| TOTAAL | Sokker | Rugby | Krieket | Tennis | Tafel= tennis |

Tabel 14 (vervolg)

| Kategorie | Rangorde volgens gewildheid | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Vroue | | | | | |
| 18-30j. | Netbal | Tennis | Swem | Atletiek | Hokkie/ Sagtebal |
| 31-49j. | Netbal | Tennis | Tafelten= nis | Sagtebal | |
| 50-64j. | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | Netbal | Tennis | | | |
| SWARTES | | | | | |
| Mans | | | | | |
| 18-30j. | Sokker | Boks | Karate/ Tennis | Sagtebal | Rugby |
| 31-49j. | Sokker | Tennis | Boks | Rugby | Gholf/ Karate/ Krieket |
| 50-64j. | Sokker | Gholf/ Tennis | | | |
| TOTAAL | Sokker | Tennis | Boks | Karate | Rugby |
| Vroue | | | | | |
| 18-30j. | Netbal Tennis | Basketbal | Tafeltennis | Sagtebal | Atletiek |
| 31-49j. | Tennis | Netbal | Basketbal | Sagtebal | Karate |
| 50-64j. | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | Tennis | Netbal | Basketbal | Sagtebal | Swem |
| TOTAAL | | | | | |
| Mans | Sokker | Tennis | Rugby | MuurbaL | Gholf |
| Vroue | Tennis | Netbal | Swem | Basketbal | Sagtebal |

In die beplanning van sportvoorsiening moet die onderwyspeil en verwagte veroudering as van die vernaamste faktore wat die sportdeelnamepatroon beïnvloed in gedagte gehou word.

5.9.2 Bevolkingsherverspreiding

Die mate waarin 'n bevolking verstedelik hang ten nouste saam met sportdeelnamepatrone. Inwoners van die stede neem na verhou= ding meer aan sport deel as plattelanders. In die stede is sport as gevolg van die verskeidenheid sportsoorte en beter geriewe makliker bekombaar. Verder is die behoefte aan sportaktiwiteite in die stede blykbaar groter as op die platte= land.

Teen 1980 was 53,2% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking verstedelik. By die Blankes en die Asïers is die verstedeli= kingsproses byna voltooi, 88,4% en 90,6% onderskeidelik. By hierdie twee bevolkingsgroepe sal egter steeds 'n groeiende sportbehoefte ontstaan, omdat al meer Blankes en Asiërs na metropolitaanse gebiede verskuif. Verder gebeur dit ook dat die Blankes uit die middestede na die voorstede verskuif en dit verander ook die eise met betrekking tot sportbehoeftes.

Die Kleurlinge wat tans slegs 76,6% verstedelik is, sal met hulle huidige sosio-ekonomiese ontwikkeling tot die jaar 2000 vinnig verstedelik. Swartes is tans slegs 38% verstedelik. Verstedeliking sal toenemend veral na die vier groot metropo= litaanse gebiede as gevolg van hulle verbeterde sosio-ekonomiese ontwikkeling, plaasvind. In die nasionale state is slegs 17% van die Swartes verstedelik. Na verwagting sal verstedeliking ook hier toenemend plaasvind (RGN, 1982, 18:16). Die neiging tot metropoolvorming het ook die afgelope aantal jare sterk

na vore gekom en dit sal blykbaar nie doeltreffend gestuit kan word nie. Die vier metropolitaanse gebiede moet in bereke= ning gebring word wanneer toekomstige sportvoorsiening beplan word. Daar moet gepoog word om in die beplanning van sportvoor= siening geleenthede vir doeltreffende deelname, sentraal en by die grootste bevolkingskonsentrasie aan te bied, alhoewel daar ook nadele aan verbonde is (RGN, 1982, 18:30).

Twee aanbevelings wat in die RGN-sportverslag (1982, 18:43) ter sprake gekom het, is dat sport en rekreasievoorsiening met programme vir streeksontwikkeling gesinkroniseer moet word en dat in die voorsiening van streeks- en nasionale geriewe in sport en rekreasie, deeglik met demografiese tendense rekening gehou moet word.

5.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n situasie-ontleding van sportafrigting in die RSA weergegee.

Verskeie aspekte is uitgelig, naamlik:

- Sportnavorsing

  Sportnavorsing word oor 'n verskeidenheid onderwerpe deur verskillende instansies en persone onderneem. Kontraknavor= sing het ontwikkel uit instrumentele navorsing en agentskap= navorsing. Dit bied die beste moontlikheid vir die profes= sionalisering van sportnavorsing. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekunde, koördineer tans sportnavorsing, terwyl fondse daarvoor deur die Departement van Nasionale Opvoeding,

Direktoraat Sportbevordering,bewillig word. Navorsing oor sportafrigting was tot dusver onvoldoende.

- Die beheer en koördinering van sportafrigting

Suid-Afrika beskik nie oor 'n nasionale liggaam wat vir die beheer en koördinering van sportafrigting verantwoor= delik is nie.

Nasionale sportbeheerliggame in Suid-Afrika is outonome instellings. Die meeste van hierdie liggame aanvaar die verantwoordelikheid van afrigting in hulle onderskeie sport= soorte. Sommige van hulle beskik ook oor 'n afrigterskomitee en/of 'n afrigtersvereniging. Verskeie ander instansies wat inspraak op sportafrigting het aanvaar in 'n mindere of meerdere mate verantwoordelikheid in die verband, maar daar is geen eenvormige beleid of benadering nie.

- Die opleiding van sportafrigters

Sportopleiding word in twee kategorieë verdeel, naamlik formele opleiding wat deur akademiese instellings waargeneem word en nie-formele opleiding wat veral deur sportliggame, maar ook deur ander instansies onderneem word. Volgens beskikbare gegewens word probleme op hierdie vlakke onder= vind, alhoewel vordering alreeds gemaak is. Daar is egter nie sprake van 'n eenvormige opleidingstelsel vir alle sport= afrigters nie.

- Die verskillende instansies wat afrigting behartig en die vlakke van deelname

Sportdeelname op skole, tersiêre onderwysinstellings, in die Suid-Afrikaanse Magte, by plaaslike owerhede, privaat= instellings en in die RSA as geheel, is bespreek. Die

invloed van demografiese veranderlikes op sportdeelname en die aanbevelings oor sportdeelname en -afrigting wat uit die RGN-sportondersoek (1982) voortgespruit het, is toegelig.

- Die sportafrigter

Sportafrigters lewer op vrywillige, semi-beroepsvlak en beroepsvlak dienste aan sport. Mannekrag vir sportafrigting, die kwalifikasies van sportafrigters, die beroepsmoontlik=hede vir sportafrigters en die besoldiging van sportafrig=ters is bespreek.

- Die finansiering van sportafrigting

'n Tekort aan voldoende finansiële middele skep probleme op verskeie terreine. Sportuitgawes geskied verder nie altyd tot die beste belang van sport nie. Die Sentrale Regering stel geld vir opleiding en afrigterskursusse be=skikbaar.

- Die beskikbaarstelling van inligting aan die sportafrigter

Die aard van sportinligting kan in drie kategorieë geklassi=fiseer word, naamlik populêre, tegniese en navorsingspub=likasies. Die gebrek aan 'n nasionale struktuur wat verant=woordelikheid vir sportdokumentasie aanvaar skep probleme.

- Faktore wat die voorsiening van sportafrigting in die toekoms kan beïnvloed

Veral twee faktore is hier ter sprake, naamlik bevolking=samestelling en groei aan die een kant en bevolkingsherver=spreiding aan die ander kant.